Mei - Junie 2023

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 22, No. 3 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Apr-Mei & Jun 2022 *Tomorrow's World*-tydskrifte



*'n Persoonlike boodskap van*

*Gerald E. Weston, Hoofredakteur*

## Waarheen is ons woede besig om ons te lei?

Ons leef in 'n gepolariseerde samelewing waar daar baie wesenlike verskille tussen Oos en Wes, Noord en Suid is. Die kloof tussen ryk en arm word al hoe groter en meer opvallend. Daar is vurige meningsverskille tussen mense binne landsgrense. Verskillende rasse en stamme kom nie altyd oor die weg nie. Ongeveer die helfte van ons is manlik, die ander helfte is vroulik – maar selfs dít word as te eenvoudig beskou, aangesien sommige mense dink dat daardie biologiese verskille te beperkend is. Daar is onoplosbare verdeeldheid oor wat moreel is en wat nié moreel is nie.

Demokratiese nasies is erg verdeeld. Italië kan nie vir baie lank saamstem oor wie in beheer is nie; volgens *GlobalSecurity.org* het dit 63 regerings in 70 jaar gehad vanaf 1946 tot 2015. Die Verenigde State is uiters verdeeld. 'n Verdeelde Israel het vier verkiesings in net twee jaar gehou voordat Benjamin Netanyahu, die langsdienende Eerste Minister verwyder is en nou is daar bewerings dat die Israeliese staatspolisie *Pegasus-sagteware* gebruik het om op Netanyahu en ander politici te spioeneer en sodoende die verkiesings beïnvloed het.

Universiteite het "veilige ruimtes" en gee "waarskuwings" aan die begin van media-plasings om te verhoed dat enigiemand aanstoot neem, maar hierdie gepamperlang moedig net meer sensitiwiteit by studente aan wat nie in staat is om ander studente te hanteer wat nie met hulle saamstem nie. Die woord *kultuur* word dikwels deur *kanselleer* voorafgegaan. In watse wêreld leef ons tog nie!

Ons sien hierdie teenstrydige sienings eerstehands hier by *Tomorrow's World*. Die meeste briewe en e-posse wat ons ontvang is positief – maar nie almal nie. Mnr. Wallace Smith is onlangs gekritiseer as pro-Biden en anti-Trump. Ek is daarvan beskuldig dat ek aan albei kante van die politieke verdeeldheid is. Ek en mnr. Smith dink egter dieselfde oor hierdie sake: Nie mnr. Trump óf mnr. Biden of énige ander sogenaamde politieke held sal Amerika of enige land red wat sy Skepper verwerp nie.

Sommige briewe is venynig; sommige daarvan is komies. Een brief wat ek ontvang het in reaksie op een van my uitsendings was so amusant dat ek my sekretaresse gevra het om dit vir my kantoor te laat raam. Daardie brief kan ten minste vertoon word. Dieselfde kan nie gesê word van 'n brief wat mnr. Smith onlangs ontvang het nie. 'n Mens moet deesdae 'n sin vir humor hê en nie een van ons hier is oor-sensitief nie. Soos die wel bekende woorde van die voormalige president van die Verenigde State, Harry Truman: "Indien 'n mens nie 'n spanningsvolle situasie kan hanteer nie, laat dit oor

aan iemand wat dit kan hanteer".

'n Mens moet tog wonder waarom daar soveel vyandigheid in die wêreld is. Hoe lok een televisieprogram of 'n enkele artikel in 'n gratis tydskrif, sulke woedende reaksies uit?

**Die bron van woede**

Die antwoord word verduidelik in my artikel, *'n Katastrofiese storm is aan die kom*, wat elders in hierdie uitgawe verskyn. Min belydende Christene en nog minder agnostici en ateïste verstaan die bron van die ongelukkigheid oor die hele wêreld. Toe Sy kruisiging nader gekom het, het Jesus aan Sy dissipels gesê: "Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word" (Johannes 12:31). 'n Bietjie later het Hy gesê: "Ek sal nie veel meer met julle spreek nie; want die owerste van hierdie wêreld kom en het aan My niks nie" (Johannes 14:30). Wie is die "owerste van hierdie wêreld" en wat het Jesus bedoel toe Hy gesê het, "die owerste van hierdie wêreld ... het aan My niks nie"?

Die god van hierdie wêreld word "die owerste van die mag van die lug" genoem (Efésiërs 2:2). Net soos radiogolwe onsigbaar deur die lug beweeg, so saai daardie owerste – meer algemeen bekend as Satan die duiwel – sy buie en gesindheid van woede, haat, trots, eiewilligheid en rebellie uit in die niksvermoedende denke van

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Waarheen is ons woede besig om ons te lei?**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Verlore in 'n veelal** 3
Baie wetenskaplikes is oortuig dat ons heelal een van baie heelalle is. Is hulle dalk reg en waarom maak dit saak?

**Die Volksmoord [Holocaust]: Nooit weer nie?** 8
Die Volksmoord-regime van Nazi-Duitsland is nou verby, maar die volksmoord mentaliteit bly voortbestaan. Sal ons ooit 'n einde daaraan kan maak?

**'n Katastrofiese storm is aan die kom!** 11
Ons staar 'n sameloop van katastrofes op 'n wêreldskaal in die gesig – dit sal ons ruïneer tensy ons die enigste weg na opregte vrede vind.

**Wat is die grootste realiteit?** 15
In 'n wêreld van "fopnuus" en "realiteit-televisie", hoe kan ons die regte perspektief behou van wat werklik die meeste saak maak?

**Die vierde perderuiter: Siekte epidemies** 24

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIË:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Verlore in 'n veelal

**Deur Wallace G. Smith**

Stel u voor dat, terwyl u hier op planeet Aarde leef, daar iewers 'n *ander* persoon soos u is wat sy of haar lewe op 'n ander Aarde uitleef terwyl dit om 'n ander son, in 'n ander sonnestelsel, in 'n ander heelal wentel. Stel u nou voor daar is 'n oneindige aantal ander mense wat presies soos u is. Sommige van hulle het lewens wat baie soortgelyk is aan u lewe – met dieselfde werk, dieselfde vriende, dieselfde roetine en ander beleef 'n dramatiese lewe, byna ondenkbaar anders. Sommiges is ryker, sommiges is armer. Sommiges is skatryk en beroemd, terwyl ander in 'n koue, donker tronksel ly. Elkeen van hulle is boonop presies net so werklik soos u.

Welkom by die veelal.

Eerstens, 'n vinnige definisie. U het dalk gehoor van die "*metaverse*" – dit is iets anders. Die *metaverse* beloof die gebruik van kunsmatige intelligensie en rekenaarskerms wat waarskynlik op brille of donkerbrille geprojekteer word om ons siening van die wêreld rondom ons te vergroot en ons te dompel in 'n tempterende vermenging van rekenaargegenereerde, sowel as werklike sensoriese insette. Die "veelal" daarenteen, is die idee dat ons heelal net een is van talle ander heelalle, waar statistieke betekenisloos raak aangesien daar genoeg heelalle is om met elke moontlike waarskynlikheid rekening te hou.

Variasies op die veelal is al eeue lank die vernaamste aspek van fantasie en wetenskapfiksie. Dit geniet nogal 'n renaissance ['n oplewing] op ons rolprentskerms en dienste wat gebeeldsend word. Die media kragreus Disney se *Marvel Entertainment* het die idee van 'n veelal gebruik om die Desember 2021-treffer *Spider-Man: No Way Home* te help om byna $2 miljard in te samel van rolprentgangers wêreldwyd wat gretig was om hulle gunsteling *Spider-Men* uit verskeie rolprent-heelalle – Tom Holland, Andrew Garfield en Tobey Maguire – saam te sien veg teen slegte ouens. (Indien u nie hierdie rolprent gesien het nie, stel u voor dat al die verskillende James Bond-akteurs saamspan om hulle ou skurke te beveg.) In Mei 2022, kon *Marvel* hierdie veelal die middelpunt maak in *Doctor Strange in the Multiverse of Madness*.

**Van wetenskapfiksie tot ... wetenskaplike feit?**

Die huidige belangstelling in veelal-idees word tog nie bevoordeel deur rolprentateljees wat fiksie bevorder nie, maar eerder deur 'n toenemende aantal wetenskaplikes – teoretiese fisici, kosmoloë en andere – wat dit as 'n *werklikheid* voorstel. Die invloedryke fisikus David Deutsch, van die Universiteit van Oxford, het byvoorbeeld verklaar dat ons net so seker van die veelal kan wees as wat ons van die bestaan van dinosourusse van die verlede is. Soos die wetenskapskrywer Philip Ball in sy 2020-boek *Beyond Weird* opmerk, sê Deutsch oor die geloof in 'n veelal: "Die enigste verstommende ding is dat dit steeds omstrede is".

Vir Deutsch en baie ander wetenskaplikes, is die veelal-scenario wat deur rolprente van wetenskapfiksie en fantasieboeke aan ons voorgehou word – naamlik dat die realiteit saamgestel is uit 'n oneindige versameling heelalle met oneindige weergawes van u wat oneindig baie verskillende lewens leef. Dit is wat realiteit in werklikheid is. Indien ons nie daardie "feit" aanvaar nie, word ons as onkundig beskou óf dat ons nie die moed het om ongemaklike waarhede te aanvaar nie.

Hoe het so baie wetenskaplikes wat normaalweg met bewysgebaseerde redenasie en 'n passie vir konkrete feite geassosieer word, na 'n geloof in 'n baie teoretiese veelal verander?

Die antwoorde openbaar baie oor die rigting wat ons kultuur en samelewing inslaan. Dit wys ons net hoe ver sommige mense sal gaan om selfs die geringste erkenning aan die moontlikheid van 'n God wat ons heelal geskep en ontwerp het te

vermy. Laat ons eerstens daarop let dat, met al professor Deutsch se bravade, daar geen enkele "veelal-teorie is nie". Daar is dalk heel gepas, *veelvuldige* veelal-teorieë in kompetisie met mekaar:

**Ewige of chaotiese inflasie:** Die huidige weergawe van die Oerknal-teorie – die veronderstelling dat ons heelal van tyd, ruimte, materie en energie as 'n oneindig digte eenheid begin het en vinnig uitgebrei het om die uitdyende kosmos te word wat ons rondom ons sien – neem aan dat daar 'n kort maar deurslaggewende tydperk van *kosmiese inflasie* was. Gedurende hierdie tydelike periode het die ruimte in die baie jong heelal, terwyl dit nog mikroskopies klein was, vinniger as die spoed van lig uitgebrei. So 'n tydperk van inflasie word gesien as 'n oplossing vir die onverwagte eenvormigheid van die uitgestrekte kosmos.

Invloedryke fisici soos Andrei Linde en Alan Guth, het egter opgemerk dat huidige modelle van inflasie lyk of dit impliseer dat nie net ons heelal sou ontwikkel nie, maar ook 'n versameling van ontelbare bykomende heelalle – 'n eindelose proses wat 'n oneindige aantal heelalle voortbring.

**Snaarteorie:** In die soeke na 'n "*Theory of Everything*" wat alle teorieë oor die natuurwette sou verenig, het die snaarteorie baie gewild geraak. Terwyl verskillende soorte van die snaarteorie bestaan, lê die idee daarin dat dit wat ons as fundamentele deeltjies van materie beskou, eintlik onbegryplike klein, vibrerende snaartjies is.

Alhoewel die teorie deur baie mense as uiters belowend beskou word, het dit baie teenstanders. Van die bekommernisse is die huidige onvermoë om te toets of die teorie waar is, tesame met die ontstellende feit dat die aantal ongespesifiseerde parameters in die teorie beteken dat $10^{500}$ (dit is 'n 1 met *500 nulle* daarna) heelalle uit sy vergelykings gegenereer kan word. Sommige mense sien dit egter nie as 'n fout nie, maar as 'n kenmerk wat 'n veelal moontlik maak om te bestaan, waarin alle moontlikhede gerealiseer word.

**Die veel-wêrelde interpretasie van kwantummeganika:** Vir dekades het die meeste fisici wat aan kwantummeganika werk, die idee verkies dat kwantumvoorwerpe nie spesifieke waardes het totdat dit gemeet is nie. 'n Nuwe idee kom egter nou na vore – die veel-wêrelde interpretasie – wat daarop dui dat kwantumvoorwerpe *alle* potensiële waardes behou wanneer dit gemeet word en dat die heelal in soveel heelalle verdeel kan word as wat daar waardes is. Dit is wanneer mens 'n sessydige dobbelsteen gooi, dat 'n mens een resultaat sou sien terwyl vyf ander weergawes van uself elkeen 'n ander resultaat in 'n ander heelal sou waarneem.

In 'n 2014 *New Scientist*-artikel "*Multiverse Me: Should I Care About My Other Selves?*" (ja, dit is die regte titel), som fisikus Deutsch die implikasies van die vele-wêreldse-interpretasie" op deur op te merk dat "wanneer 'n mens 'n keuse maak, die ander keuses ook gebeur". Hy voeg by: "Indien daar 'n klein kans op 'n nadelige gevolg is, sê maar iemand wat vermoor word, lyk dit op die oog af of ons die feit in ag behoort te neem dat iemand in werklikheid vermoor sal word, al is dit net in 'n ánder heelal".

**Max Tegmark se *"Ultimate Ensemble":*** In wat miskien die grootste en gewildste weergawe van die veelal is, stel kosmoloog Max Tegmark van die *Massachusetts Institute of Technology* voor dat die wyse waarop die heelal rondom ons klaarblyklik wiskundige wette volg, behoort te dui op 'n radikale besef dat *wiskunde* die uiteindelike werklikheid is.

In Tegmark se hipotese beskryf wiskundige strukture nie die werklikheid nie – die wiskundige strukture *is* eerder die werklikheid en die heelal wat ons rondom ons sien is bloot 'n realisering van een stel wiskundige strukture. Hy skryf in sy 1998-referaat in die *Annals of Physics:* "Die enigste veronderstelling in hierdie teorie is dat alle strukture wat wiskundig bestaan, ook fisies bestaan" (volume 270, uitgawe 1). Die resultaat sou 'n ondenkbare versameling van veelalle wees wat alle moontlike wette van fisika in alle moontlike dimensies insluit – 'n versameling wat

Tegmark die "*Ultimate Ensemble*" genoem het.

**Bestaande chaos**

Voordat ons kyk na hoe feitgebaseerde wetenskap by 'n plek gekom het waar sulke fantasieë wat in teorieë verander het so volkome aanvaar is, behoort ons in ag te neem dat elke "veelal"-teorie soortgelyke kommerwekkende gevolge meebring. Indien fisikus Deutsch korrek is, bestaan daar 'n ander heelal vir elke moontlike resultaat van elke besluit wat u ooit kan neem. Indien u dus in die versoeking kom om leuens te vertel, is daar 'n heelal waarin u die waarheid vertel en 'n heelal waarin u leuens vertel. In hierdie teorie is vrye wil 'n illusie – u maak glad nie regtig 'n keuse nie, aangesien daar weergawes van u in verskeie heelalle is wat elke moontlikheid "kies". Daar sou 'n heelal wees waarin u 'n ou dame vriendelik help om die straat oor te steek en daar sou een wees waarin u haar ignoreer. Daar sal egter ook een wees waarin u haar opsetlik in die verkeer instamp en een waarin u haar kruideniersware vir uself steel.

Die lys van verskillende heelalle en verskillende weergawes van u wat baie verskillende dinge doen, is in wese oneindig. Per slot van rekening, indien u soos fisici hulleself voorstel, is u net 'n samestelling van kwarke, elektrone, ensovoorts en elke moontlike kombinasie van daardie deeltjies wat in die een of ander heelal gebeur, dan is daar meer heelalle as wat u uself kan voorstel, waarin u al hierdie dinge doen.

Dit is werklik bestaande chaos. U het die volste reg om 'n verduideliking te eis vir die onsin wat dit blyk te wees, want – ongeag hoe die beskrywings hulleself versterk met die gevoel van "konkrete wetenskap" en skyn met 'n skynsel wat ontleen is aan fisika en hulleself voorhou met die betroubare houding van wiskundige onvermydelikheid – veelal idees is in baie opsigte nie veel meer as fantasie nie – ver van die wêreld van werklike wetenskap.

**Hoe het ons hier gekom?**

Dit laat 'n vraag ontstaan: Hoe het dit gebeur dat idees wat so totaal denkbeeldig in hulle gevolgtrekking is, deur soveel mense as die *hoofstroom*-beskouings van fisika en kosmologie gesien word?

Is dit so dat ons bykomende heelalle *gesien* het? Het ons hulle op een of ander manier opgespoor wat vereis dat ons hulle bestaan aanvaar? Glad nie. Pogings is al aangewend – sommige wetenskaplikes het byvoorbeeld gedink dat 'n koue kol in uitstraling wat die aarde vanuit die ruimte bereik (wat baie mense glo 'n gevolg van die Oerknal is) dalk 'n botsing tussen ons heelal en 'n ander heelal kan aandui. Verdere ontleding het egter getoon dat ander kenmerke wat met so 'n botsing gepaard gaan, soos polarisasie van die uitstraling, eenvoudig nie teenwoordig was nie.

Ons het nie net gefaal om bykomende heelalle op te spoor nie; volgens die meeste veelalteorieë *behoort* daardie veelalle feitlik *onopspoorbaar* te wees. Dit het daartoe gelei dat baie wetenskaplikes veelal-teorieë as blatant onwetenskaplik afgemaak het. Die wiskundige George Ellis het in die agtenswaardige wetenskaptydskrif *Nature* opgemerk: "Die veelalargument is 'n goed gefundeerde filosofiese voorstel, maar aangesien dit nie getoets kan word nie, hóórt dit geensins in die wetenskaplike afdeling nie". Volgens Ellis se skatting begin "wetenskaplikes die wetenskap met wetenskapfiksie verwar".

Trouens, sommige wetenskaplikes het opgemerk dat die veelal erger as onwetenskaplik is – dit is 'n moordenaar van die wetenskap.

Dink daaraan – in 'n veelal waarin *elke* gebeurtenis in ten minste een heelal plaasgevind het, hoe onwaarskynlik ook al, sou daar 'n heelal wees waarin elke muntstuk wat ooit in die lug opgegooi is, "kop bo" geëindig het. Uiters onwaarskynlik? Ja! Is dit egter onmoontlik? Nee. Trouens, in 'n veelal *moet* daar 'n heelal wees waarin dit gebeur. Hoe sou die wetenskaplikes van daardie heelal hierdie verskynsel verklaar? Hulle sou dit nie kon doen nie, want daar sou geen wetenskaplike verduideliking wees nie. Hulle sal eenvoudig hulle hande uit frustrasie in die lug gooi, aangesien geen oorsaak gevind sou kon word wat ooit hierdie

heeltemal toevallige effek kan verklaar nie.

Dit is 'n relatief klein voorbeeld, maar dit illustreer 'n probleem wat baie wetenskaplikes besef het: Indien die veelal waar is en alle moontlike gebeure plaasvind – indien dit oneindig in 'n oneindige aantal heelalle gebeur – dan raak wetenskap betekenisloos. Elke toevalligheid kan verduidelik word as: "Wel, ek raai ons is maar net in een van daardie heelalle!"

Dit is nie net 'n denkbeeldige gebeurtenis nie. Die veelal word juis op hierdie manier in werklike wetenskaplike artikels gebruik.

Die evolusionêre bioloog Eugene V. Koonin het byvoorbeeld beraam dat die kans dat lewe met 'n RNA-molekule begin het wat in staat is om herhaling en verplasing op die vroeë aarde uit te voer – komplekse funksies van lewe wat nodig is vir evolusie om te begin – feitlik nie bestaan nie: 1 uit 'n getal wat geskryf kan word as 'n 1 met 1,017 nulle daarna. Die kanse is so belaglik klein dat dit ondenkbaar is.

Dit sou normaalweg gesien word as die doodsklok vir hierdie evolusie-vriendelike "oorsprong van lewe" scenario. Die veelal kom egter tot die redding! Deur die "towerstaffie" van 'n oneindige veelal te swaai, merk Koonin op: "In 'n oneindige heelal (veelal), is die toevallige verskyning van hoogs komplekse stelsels onvermydelik".

Met die waai van 'n veelsydige towerstaf word dit wat onmoontlik was nou "onvermydelik". Sodanige redenasie is 'n bespotting van wetenskaplike denke. 'n Teorie wat alles voorspel, voorspel werklik niks. Die veelal is niks minder nie as die dood van die wetenskap.

In hierdie laaste voorbeeld, kom ons tog uiteindelik by die rede waarom die onwetenskaplike veelal by wetenskaplikes *aanklank vind*. Hoe het ons onsself hier bevind, verlore in die veelal? Te veel mense in ons samelewing is bereid om enige snert te aanvaar om te kan leef sonder dat hulle 'n Skepper erken.

**'n Desperate teengif teen "God"**

Wetenskap word lank reeds "geteister" deur 'n ongemaklike waarheid: Baie van wat ons weet dui op die werklikheid van 'n magtige God wat die wêreld en kosmos rondom ons geskep het. Net soos evolusioniste probeer om daardie bewyse weg te redeneer deur dit toe te skryf aan tyd, toeval en die strewe na oorlewing, probeer baie kosmoloë om 'n Skepper en Ontwerper weg te redeneer deur hulle op die veelal te beroep.

In 'n artikel in die 2008 *Discover*-tydskrif met die titel "*Science's Alternative to an Intelligent Creator: The Multiverse Theory,*" som die kosmoloog Bernard Carr die kwessie bondig op: "Indien daar net een heelal is, mag u dalk 'n fyn insteller hê. Indien u nie vir God wil hê nie, behoort u liewer 'n veelal te hê".

'n Mens behoort hulle eerlikheid te waardeer. Voorbeelde van hierdie fyn instelling is eindeloos, van die onwaarskynlike massas van verskeie fundamentele deeltjies tot die presiese sterktes van die fundamentele kragte. Terwyl die snaarteorie genoeg vrye veranderlikes en parameters voorstel om $10^{500}$ heelalle te genereer, is die aantal van dié wat 'n lewensvriendelike heelal sou produseer feitlik nul. Sonder 'n fyn instelling van God wat beskikbaar is om die parameters "aan te pas" om "net reg" te wees, behoort ons bestaan as onmoontlik beskou te word.

In net een poging om die waarskynlikheid van 'n heelal soos ons s'n vas te stel, het wyle fisikus Lee Smolin die waarskynlikheid geskat as 1 in $10^{229}$ – dit is as 'n wenk, 1 uit 'n getal wat normaalweg as 'n 1 geskryf sou word, gevolg deur 229 nulle. Vir diegene wat van vreemde woorde hou, sou dit in Engels "*one in ten quinseptuagintillion*" wees.

Selfs die veelal en sy groot, waarskynlike hulpbronne is steeds nie genoeg om God weg te redeneer nie. Wetenskaplikes soos Paul J. Steinhardt, wat die eerste keer die hipotese van "*Ewige Inflasie*" aan die wêreld bekendgestel het, het opgemerk dat inflasie *steeds* onverklaarbare fyn instelling verg om 'n veelal te genereer. Fisikus Alexander Vilenkin en kollegas het bewys dat 'n inflasionêre heelal nie vir ewig in die verlede geprojekteer kan word nie – daarom moet selfs 'n veelal 'n *begin* hê.

Miskien is dit die eenvoudigste om te sê dat berigte oor die dood van God aan die hand van

die veelal grootliks oordrewe is.

**'n Filosofie wat in die samelewing weerspieël word**

Daar is 'n direkte verband tussen die soort denke en redenasie wat ons in veelal-teorieë sien en die agteruitgang na immoraliteit en irrasionaliteit wat ons in die samelewing rondom ons sien. Die apostel Paulus waarsku dat die ontkenning van die bewyse van God wat in die heelal ingeprent is, tot 'n samelewing sal lei waarin ons nie sal wil leef nie. Om diegene te verkleineer wat die bewyse van God se bestaan insien, maar weier om dit te aanvaar, het Paulus die verwarring, irrasionaliteit en verdorwenheid opgemerk wat onvermydelik voortspruit uit hulle doelgerigte onkunde.

> "En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie: hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid; nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpraters, uitvinders van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers; onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig, mense wat – al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien – dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen" (Romeine 1:28-32).

Slegs die opsetlike blindes kan nie daardie toestande sien wat vandag in ons beskawing ontwikkel nie. Baie mense is so desperaat om die gevolgtrekking dat God bestaan te vermy, selfs wanneer bewyse van Sy Hand wat voorsien ons in die gesig staar, dat hulle enigiets sal doen wat nodig is om hulle 'n bestaan sonder Hom in te dink.

In die kosmologie lei daardie soort denke tot die irrasionele chaos van die veelal. In die samelewing lei dit tot die toenemende chaos wat ons elke dag om ons sien. Deur 'n Goddelike Ontwerper te verwerp, laat dit ons die huwelik opnuut voorstel soos wat ons dit wil hê en ontken dat ons geslag aan ons biologie gekoppel is. Dit laat ons die moord op kindertjies in hulle moeders se baarmoeders regverdig. Dit laat monsteragtige ideologieë 'n hele ras of nasie "onmenslik" verklaar om volksmoord te regverdig.

Ongelukkig lyk dit asof wetenskaplikes en maatskaplike manipuleerders baie in gemeen het; hulle sal enige fantasie glo wat hulle ook al móét glo om voor te gee dat daar geen God is deur wie hulle eendag aanspreeklik gehou sal word nie.

**Die pad huis toe: Neem die werklikheid aan**

Ons hoef egter nie die chaos te aanvaar nie. Liggelowiges se geloof in die veelal is nie 'n vereiste nie. Opsetlike onkunde van die werklikheid is 'n verpligting wat op niemand geplaas word nie.

In een sin maak dit nie eers saak of God ander heelalle geskep het nie; ons is *hier* en ons het die Godgegewe vermoë om die hand van die Skepper in Sy skepping raak te sien (Romeine 1:20). Die Skrif sê nie vir ons dat die waarheid van ons wêreld slegs toeganklik is vir die verstand van die beste wetenskaplikes wat die mees ingewikkelde teorieë kan saamstel nie. Dit herinner ons eerder aan die opregtheid wat in Christus is (2 Korinthiërs 11:3). God sê vir ons dat Hy Sy waarheid aan "kindertjies" geopenbaar het (Matthéüs 11:25). Ons kan ons verstom oor die blote kreatiwiteit wat getoon word deur daardie wiskundiges, fisici en filosowe wat tot sulke uiterstes gegaan het om die werklikheid te verduidelik terwyl hulle God uitsluit, maar ons behoort die werklike beginsels van die wetenskap te volg en te erken dat die eenvoudigste en beste verduideliking die korrekte een is: Daar is 'n God wat ons heelal geskep het.

Wetenskapfiksie en fantasie sal voortgaan om fantastiese stories te vertel. Sommige daarvan is geïllustreer deur ingewikkelde spesiale effekte,

*Vervolg op bladsy 19*

# Die Volksmoord [Holocaust]: Nooit weer nie?

## Deur John Meakin

Elke jaar op 27 Januarie onthou mense die bevryding van die Auschwitz-doodskamp in 1945, gedurende die laaste maande van die Tweede Wêreldoorlog. Die Auschwitz-kamp was die grootste van ses moordkampe, wat saam 'n grusame beleid uitgevoer het wat Duitsland se Nasionaal-Sosialistiese ("Nazi") leiers "*Die Finale Oplossing*" genoem het – 'n poging om Europa se Joodse bevolking uit te roei. Die beleid wat die kern van Adolf Hitler se toekomsblik vir Duitsland was, is drie jaar tevore, op 20 Januarie 1942, by die bekende Wannsee-konferensie geïmplementeer (dit is vernoem na die Berlynse voorstad waar dit gehou is). In 2022 was dit 80 jaar gelede.

Die toepassing van die Wannsee-konferensie se beleid was die drie jaar lange hoogtepunt van die volksmoord van Adolf Hitler se twaalf-jarige bewind van terreur (1933-1945), waar die doelbewuste moord van meer as tien miljoen onskuldige burgerlikes in Duits-beheerde gebiede plaasgevind het, met 'n geraamde ses miljoen Jode onder die sterfgevalle. Hierdie massamoord op Europese Jode het bekend geword as die "*Holocaust*" – 'n woord wat afgelei is van die vertaling van die Hebreeuse woord *olah* ("brandoffer") in Grieks vertaal as *holokauston* – of in Hebreeus die *Shoah* wat "katastrofe" beteken. Wanneer die wêreld in retrospek na die Tweede Wêreldoorlog kyk, dink ons nie noodwendig aan geopolitiek nie, maar ons dink meer daaraan hoe om die wêreld te bevry van die euwel van Nazisme en die moorddadige ideologie van rasse-meerderwaardigheid.

**Industrialisering van dood**

Die Nazi's het Auschwitz aangewys as die eindbestemming vir die meerderheid Jode wat van regoor Europa daarheen gebring is. By Auschwitz het gemoderniseerde en vergrote gaskamers die gevangenes op 'n werklik industriële skaal doodgemaak, wat elke dag die piek moordkapasiteit van 6,000 gevangenes bereik het. Die wreedste ironie is dat Auschwitz homself as 'n "arbeidskamp" geadverteer het met die ikoniese teken by die toegangshek: *Arbeit Macht Frei* ("Arbeid maak vry"). Om deur daardie hek te gaan, het egter slawerny en dood vir die meeste van die gevangenes beteken.

Teen die tyd dat die oorlog verby was, kon 'n verbysterde wêreld skaars glo wat in die Duitse gebiede regoor Europa plaasgevind het. Winston Churchill het die omvang daarvan gesien en besef dat daar geen woord in ons woordeskat is om dit te beskryf nie. Daarom het hy daarna verwys as "'n naamlose misdaad". Dit het 'n Pools-gebore prokureur wat die *Holocaust* vrygespring het, geneem om 'n woord te skep om dit te beskryf – *genocide* – [volksmoord], van die Griekse *geno* ("stam") en die Latynse *cide* ("moord"). Dit was 'n industrialisering van dood – 'n geburokratiseerde georganiseerde, brutale uitwissing van mense bloot weens hulle Joodse identiteit, Jehovas-getuies of enige van die ander minderheidsgroepe wat vir uitwissing geteiken is.

***Holocaust*-mentaliteit**

Die frase "Nooit weer nie!" spoor ons aan om die mensdom nooit weer toe te laat om tot so 'n laagtepunt van gewelddadige onmenslikheid te daal nie. Ons moet die magte waardeer wat – met God se ingryping – Europa uit die dieptes van wanhoop uitgeruk het en voorkom het dat nog meer miljoene mense grusaam gesterf en dus gered is. Dit lyk ondenkbaar dat ons wêreld ooit weer 'n *Holocaust* kan beleef. Ons behoort egter nie so seker te wees nie! Die *Holocaust* is verby, maar die "*Holocaust*-mentaliteit" is nie uitgewis nie. Dit is 'n feit wat die gruwelike geweld in plekke soos Kambodja en Rwanda duidelik

maak. Deur daardie mentaliteit van die verlede te verstaan, mag ons dit dalk in ons toekoms beter raaksien – of selfs in vooraf-gaande tekens wat selfs in die huidige tye sigbaar is.

Waarom het Adolf Hitler en diegene wat hom ondersteun het dan so begin dink soos hulle gedink het? Watter faktore het bygedra tot die ontwikkeling van hulle mentaliteit en "sukses"? Is ons vandag bewus van enige bewyse van sodanige denke? Die belangrikste is om te vra wat sê God hieroor in die bladsye van die Bybel?

Vanuit daardie perspektief, wat lê vir ons voor? Sal ons nog 'n *Holocaust* beleef in die jare wat voorlê? Is ons besig om selfs nou al die saad te saai? Sommige dinge wat nou gaan volg kan u dalk tot in u diepste wese skok.

Hier is 'n idee van 'n *Holocaust*-oorlewende. Primo Levi, 'n Italiaanse apteker en skrywer wat 'n jaar lank in Auschwitz deurgebring het, het gesê: "Dit het gebeur, daarom kan dit weer gebeur: Dit is die kern van wat ons te sê het. Dit kan gebeur en dit kan op enige plek gebeur". Hy het ook gesê: "*Auschwitz* is buite ons, maar dit is oral in die lug om ons. Die plaag het weggesterf, maar die infeksie duur steeds voort en dit sal dwaas wees om dit te ontken".

**Anatomie van *genocide***

Hitler se volksmoordbeleid behoort niemand te verras nie. In sy boek *Mein Kampf ("My Stryd")* het hy anti-Semitisme sy bepalende politieke ideologie gemaak, wat heftig teen Jode as die vyande van Duitsland losgebars het. Hy het homself voorgedoen as 'n messías-agtige figuur wat al persoon was wat die leierskap kon verskaf om die Duitse nasie te kon "red".

Nazi anti-Semitisme het probeer om 'n moderne beeld op antieke anti-Semitisme te plaas terwyl dit na laer dieptes geneem is. Nazi-ideologie was van opinie dat Jode nie blote vyande was nie; hulle was nie mense nie, dikwels gekenmerk as "ongediertes" wat Duitsland sou verhoed om op te staan tensy hulle vernietig word. Min mense besef egter vandag dat die rassehaat in die kern van Nazi-ideologie op evolusionêre teorie gebaseer was. Hulle het immers geredeneer dat as lewe ontwikkel het deur die oorlewing van die sterkstes, soos Charles Darwin se *On the Origin of Species* in 1859 verkondig het, dan was die sterkste mense die natuurlike leiers van die samelewing, wat geen behoefte aan 'n God het wat afwesig was in die evolusionêre proses nie. Die Duitse filosoof Friedrich Nietzsche het inderdaad aan die einde van daardie eeu sy beroemde aankondiging gemaak: "God is dood".

Sonder God is die mensdom nie verantwoordelik vir sy sondes nie – daar *is* dus geen sondes nie! Die geskiedskrywer Martin Gilbert, vertolk hierdie kragtige woorde van Auschwitz-oorlewende Hugo Gryn só:

> Indien 'n mens die heel eerste sin van die Tien Gebooie neem, wat begin met: "Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, ... uitgelei het"; het ons hier mense gehad [Nazi-Duitsland] wat *hulleself* aangestel het om gode te wees, om meesters van lewe en dood te wees en wat 'n mens van jou vryheid beroof het ... Met ander woorde hier het mens 'n uitbraak van die totale teenoorgestelde van alles wat die beskawing op pad was om op te bou. Dit was 'n ontkenning van God. Dit was 'n ontkenning van die mens. Dit was die verwoesting van die wêreld in miniatuur vorm. (*The Holocaust: The Human Tragedy*, bl. 826).

Nie net het Nazisme 'n bose omwenteling van die Tien Gebooie aangebied nie; dit het sy eie duisendjarige toekomsblik voorsien. In sy soeke na wat hy *lebensraum* ("lewensruimte") vir Duitsland genoem het, het Hitler beoog dat Nazi-heerskappy oor Europa en uiteindelik oor die hele wêreld sou uitbrei, met nasies wat onderworpe is aan Duitsland se beheer. Min mense onthou vandag dat Heinrich Himmler, die argitek van "*The Final Solution*", se bedoeling was dat Auschwitz 'n "modelstad" vir Duitsers sou word wat na die oorlog ooswaarts sou migreer. Duisende Duitsers sou

daar woon in 'n noukeurig beplande utopiese omgewing. Daar sou pragtige geboue, paaie, parke en fabrieke wees.

Die arbeid om dit alles te bou en te onderhou, sou egter slawearbeid wees wat gedoen sou word deur onderworpe volke wat in arbeiderskampe daar naby gehou sou word. Die Nazi-droom van 'n "duisendjarige Ryk" sou gebou word deur 'n proses om die Duitse volk te verenig in die nastrewing van hulle doel, terwyl hulle terselfdertyd afgestomp gemaak sou word vir die boosheid wat nodig was om daardie doel te bereik. Die geskiedskrywer Gilbert, beskryf hoe dit bereik sou word:

> Dit was 'n proses wat staatgemaak het op die opwekking van geskiedkundige haat en antieke vooroordeel, sowel as van die samewerking of instemming van baie verskillende magte: van nywerheid, wetenskap en medisyne, van die staatsdiens en burokrasie en van die mees moderne meganismes en kanale van kommunikasie. Dit was ook afhanklik van medewerkers van lande ver buite die Duitse grens en een oorlewende het opgemerk "dat dit die meeste van alles afgehang het van die onverskilligheid van omstanders in elke land" (Gilbert, bl. 18).

Dit is 80 jaar oue geskiedenis, maar kan ons waarneem hoe hierdie denkwyse nooit werklik verdwyn het ná die Tweede Wêreldoorlog nie? Baie daarvan is eie aan die menslike natuur en inderdaad was dit in die eerste plek van buite Duitsland ingevoer. Kan ons vandag in die wêreld rondkyk en ontken dat ons individue sien wat bereid is om medewerkers met die bose te word wanneer hulle glo dat hulle persoonlik daarby kan baat, maar tog afsydig bly van die gevolge daarvan? Kan ons self ontken hoe maklik dit is om aan die bose toe te gee of om bloot weg te kyk?

**Die Bybel en die uiteindelike oplossing**

Ons het gesien dat Nazisme – die ideologie wat die *Holocaust* teweeggebring het en Auschwitz gebou het om te help om sy bose "*Finale Oplossing*" uit te voer – in baie opsigte 'n Sataniese vervalsing was. Terwyl die God van die Bybel die Jode afgesonder het om die seëninge van Sy Wette en Sy weë te demonstreer, het Nazisme die Jode uitgesonder as spesiale teikens vir vervolging en dood. Waar God idealistiese vrede beloof vir diegene wat Hom gehoorsaam, het Nazisme wrede doodskampe geskep wat ongekende geweld en lyding veroorsaak het aan diegene wat onder hulle gesag gekom het.

Sal ons wêreld ooit weer sulke boosheid sien en sal ons ooit 'n tyd van ware vrede beleef? In u Bybel is opgeteken dat daar 'n tyd aan die einde van hierdie huidige tydperk kom, wanneer ongekende teëspoed of "verdrukking" ons moderne wêreld sal verswelg en dit tot op die rand van die afgrond sal bring. Die *Holocaust* het 'n skrikbewind na Europa gebring; die komende verdrukking sal neerkom op 'n slagting wat die hele planeet sal tref. Letterlik miljarde mense sal sterf terwyl oorlog, siektes en hongersnood die aarde verwoes onder die heerskappy van 'n komende goddelose regering wat God se mense sal vervolg en boosheid goed sal noem. Dit is die tyd wat in u Bybel uitgebeeld word deur die ritte van die bekende vier ruiters van die apokalips (Openbaring 6:1-8).

Wanneer hierdie perdeuiters ry, sal ons wêreld die opkoms van nog 'n wrede staatsgesag sien, wat in Europa sal begin – die laaste van die geprofeteerde herlewings van die Romeinse Ryk. Waar Hitler egter nie sy heerskappy tot buite Europa kon uitbrei nie, sal die komende diktator egter die hele wêreld tot afhanklikheid bring (Openbaring 17:8). Sy dierlike stelsel sal deur Satan, die god van hierdie tydperk geïnspireer word (2 Korinthiërs 4:4). Dit sal die karakter van die oortreder weerspieël: Leuens (Johannes 8:44), misleiding (Openbaring 12:9), propaganda, slawerny en geweld (Jesaja 14:12-15; Eségiël 28:14-16) sal die middele van voorkeur wees. Die situasie sal so erg wees dat slegs die Wederkoms van Jesus Christus die mag sal hê om te verhoed dat

*Vervolg op bladsy 22*

# ’n Katastrofiese storm is aan die kom!

## Deur Gerald E. Weston

Die titel van my hoofartikel in die Julie-Augustus 2021 *Wêreld van Môre*-tydskrif was “'n Perfekte Storm”. Indien u nie destyds 'n intekenaar was nie, kan u dit aanlyn lees by *wvm.co.za*. Ek het die sameloop van gebeure in Australië, Afrika, Europa en Noord-Amerika beskryf wat rampe in daardie streke tot gevolg gehad het. Ek het daarop gewys hoe die noordelike Queensland in Australië se sewe jaar lange droogte skielik beëindig is met vloedreëns wat 'n geraamde 600,000 beeste laat verdrink het. Dit is gevolg deur die warmste en droogste jaar wat nog ooit opgeteken is, wat weer gelei het tot die ergste seisoen van bosbrande in menseheugenis wat eiendom vernietig het en 'n geskatte miljard wilde diere doodgebrand het. Terwyl dit gelyk het asof dinge nie erger kon word nie, gebeur die onverwagte: COVID-19 het toegeslaan.

Dit was slegs een van die “perfekte storms” wat in die artikel genoem word. Baie meer “storms” het plaasgevind in die volgende twee jaar. David Beasly, die voormalige goewerneur van Suid-Carolina en uitvoerende direkteur van die Verenigde Nasies se Wêreldvoedselprogram, beskryf die huidige voedselkrisis in Afghanistan, waar miljoene mense in gevaar verkeer vir 'n “perfekte storm” van konflik, klimaat en COVID-19-verwante probleme.

Ons sien die sameloop van inflasie, tekorte aan werkers en leë winkelrakke, terwyl onwettige immigrante van regoor die wêreld oor 'n oop grens in die Verenigde State stroom asook na Brittanje vanuit Afrika, die Midde-Ooste en Oos-Asië. Boonop broei daar drie massiewe oorloë in Europa, Asië en die Midde-Ooste. Een oorlog het reeds begin en ten tye van die ter perse gaan van hierdie tydskrif, weet ons nie wat die uitkoms sal wees nie – wie weet wat sal gebeur tussen nou en wanneer u hierdie uitgawe lees? Sal een of meer oorloë uitbreek? Terwyl hierdie uitgawe ter perse gaan, het Rusland pas met 'n inval in die Oekraïne begin. Sal dit Europeërs nader aan mekaar bring? Hoe sal ander nasies se verhoudings as gevolg van die konflik hervorm word? Gaan die plaag van COVID-19 uiteindelik tot 'n einde kom of sal nuwe aansteeklike variante te voorskyn kom? Hoe hoog sal inflasie styg en tot hóe min kan ons kruideniersware se voorrade daal? Een ding is seker – 2022 is besig om net so traumaties as 2020 en 2021 te wees.

Waarom gebeur hierdie dinge alles? Waar sal dit eindig? Is daar enige iemand wat vrede kan bring aan ons wêreld vol onenigheid? Ons staar 'n perfekte storm van wêreldwye afmetings in die gesig, wat nie net beperk sal wees tot 'n spesifieke streek of sektor nie. Baie mense sien dit en is bekommerd oor wat hulle sien. Hierdie is nie normale tye nie. Ja, daar was nog altyd weerversteurings, oorloë, inflasie, pandemies en gelyktydige gebeurtenisse in streke wat perfekte storms veroorsaak het. Wat ons egter vandag sien, is 'n sameloop van katastrofiese gebeure op 'n *wêreldwye skaal*. Die mensdom se probleme raak buite beheer – maar daar is goeie nuus aan die einde van dit alles.

**Wie kan blameer word?**

Terwyl politici ons probleme op COVID-19 blameer, óf die party aan bewind of die party wat nié aan bewind is nie, is dit al te dikwels hulle eie misleide beleide wat die voorbereidingswerk doen vir vernietiging op 'n wêreldwye skaal. Ons moet egter nie al die skuld op ons leiers pak nie. Wat ons sien, is die resultaat van die mensdom se dwase verwerping van ons Skepper – wat ons by 'n eindtydse hoogtepunt van die

ramp sal bring. Agter dit alles is 'n wese wat nie deur die grootste deel van die mensdom herken word nie – die een wat die Bybel "die owerste van die mag van die lug" noem. Hierdie "gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk" rig "die loop van hierdie wêreld" (Efésiërs 2:2). Daardie wese is werklik en min mense begryp die omvang van sy invloed. Hy het homself meesterlik uitgebeeld as 'n rooi spotprentkarakter met horings en 'n lang stert, wat 'n hooivurk dra – sekerlik nie om ernstig deur intelligente mense opgeneem te word nie. Hy is nogtans die een wat gesindhede van woede, verdeeldheid, haat en vrees in die gedagtes van die niksvermoedende mensdom uitsaai. Hy is 'n meester "skaakspeler" wat weet hoe om leiers en die massas te manipuleer.

Ons by die *Wêreld van Môre* probeer om 'n balans te handhaaf deur politiek te vermy terwyl ons met vrymoedigheid die Waarheid verkondig. Daardie "owerste van die mag van die lug" het moraliteit en waarheid baie geslepe met politiek vermeng. Enigiemand wat die waarheid praat, word gesien as om bloot die een of die ander kant van die politieke verloop voor te staan – dus, in erg verdeelde lande skakel dit die helfte of meer van die bevolking dadelik uit. Dit is die rede waarom ons briewe ontvang waarin ons beskuldig word – soms nie in sulke mooi terme nie – dat ons die een of die ander politieke party ondersteun. Ja, ons kry dit van alle kante!

Ons moet tog die waarheid praat, naamlik dat 'n oop grens met honderde duisende onwettige migrante van regoor die wêreld wat die V.S., Brittanje en verskeie ander Europese lande binnestroom, hierdie nasies sal vernietig tensy dit gestuit word. Dit maak nie saak wie die president of nasionale leier mag wees nie – 'n land sonder 'n grens sal ophou om 'n land te wees indien ongekontroleerde immigrasie toegelaat word om voort te gaan. Natuurlik kan 'n deernisvolle persoon kwalik fout vind met iemand wat uit 'n slegte situasie vlug om 'n beter lewe vir homself en sy gesin te vind – maar 'n onbeskermde grens nooi dwelmsmokkelaars, mensehandelaars, seksuele rowers, gewelddadige bendelede en terroriste binne. Hulle bring ook nuwe gelowe en kulture wat nie altyd in harmonie met die lande is wat hulle ingaan nie.

**'n Geopolitieke tsunami**

Waarom gebeur hierdie probleme juis nou gelyktydig? Waarom sien ons hewige verdeeldheid in verskeie lande oor onwettige immigrasie, COVID-19-protokolle en mandate, skoolkurrikulums en selfs wat dit beteken om 'n man of 'n vrou te wees? Waarom sien ons die Verenigde State ernstig agteruitgaan? Waarom sien ons 'n geheelbeeld van geopolitieke herskikking van nasies? Waarom is ons koopkrag in 'n afwaartse spiraal? Waarom is daar geweld in ons strate, terwyl algemene landdroste – wie se taak dit is om misdadigers te vervolg – meer soos verdedigingsprokureurs vir boewe en gewetenlose misdadigers optree? Waarom gebeur dit alles op dieselfde tyd? Kortliks, waarom sien ons die ineenstorting van nasionale- en wêreldorde?

Die Britse en Amerikaanse volke het al vir meer as 200 jaar lank die slegste van nasies en volke in toom gehou – Napoleon, Hitler, Mussolini, Stalin, Tojo – en het gehelp om nasies te voed en te herbou nadat rampe plaasgevind het. Vandag kom Amerikaanse en Britse orde in die wêreld egter tot 'n einde en ons behoort te weet *wáárom*.

Min mense besef vandag dat die Bybel die Bybelse identiteit van die mense van Britse afkoms sowel as die Amerikaanse, Nederlandse, Switserse en Franse volke openbaar. Dit is onmoontlik om Bybelse profesieë te verstaan, asook wat dit vir ons wêreld voorspel, sonder om hierdie belangrike sleutel te verstaan wat insig openbaar na ons moderne nasies se plek in daardie profesie. Dit is waarom ons publikasie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?,* so belangrik is. U kan 'n eksemplaar by u naaste streekkantoor bestel, wat op bladsy 2 van hierdie tydskrif gevind word of lees dit aanlyn by *wvm.co.za*.

Alhoewel die moderne Israelitiese lande oor die algemeen 'n seën vir die wêreld was, het hulle ook swakker nasies afgeknou en die wêreld op 'n dwaalspoor gebring met

hulle kulturele sondes. Vandag is hulle aan die voorpunt van die uitvoer van 'n immorele kultuur na ander nasies. Terwyl hulle lank reeds beweer dat hulle Christelike nasies is, het hulle nie altyd soos Christus opgetree nie en floreer vandag om alles behalwe dit te wees. Aborsie is nou wettig in die land. God het ons manlik en vroulik geskape, maar opvoedkundige instellings, groot en klein besighede en ons media – selfs “konserwatiewe” media – vermy dit feitlik heeltemal om daardie ooglopende waarheid te noem, nie dapper genoeg om aanstoot te gee vir 'n woedende kanselleerkultuurminderheid nie. Mans wat beweer dat hulle vroue is, neem deel aan swemkompetisies wat bedoel is vir vroue en ontneem beurse van diegene aan wie dit na regte behoort. Intussen verstaan die Russe, Chinese en sommige Afrika-lande die verskil tussen manlik en vroulik en bevorder manlikheid en vroulikheid deur werklik mans sowel as vrouens te waardeer. Is dit enigsins 'n wonder dat Westerse nasies in chaos verval het, op pad na uiteindelike vernietiging?

**God se waarskuwing**

In Levítikus 26 waarsku God die Israelitiese nasies dat indien hulle Sy Gebooie verag: “Ek sal verskrikking oor julle beskik” (vers 16). Dink aan hoe ons wêreld sedert 11 September 2021 verander het. Miljarde migrante stroom elke maand oor Amerika se suidelike grens, verskeie Europese grense of die Engelse Kanaal. Hoeveel van hulle is gewelddadige bendelede, seksoortreders, dwelmhandelaars of toegewyde terroriste? Selfs al is dit net 1 persent – 20,000 – van die twee miljoen moeilikheidmakers wat bekend is dat hulle gedurende 2021 Amerika onwettig binnegekom het, skep dit 'n probleem!

Die volgende vloek wat genoem word, is “die tering en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag” (Levítikus 26:16). Ons is nie net in 'n CORONA-19-viruspandemie nie, ons het ook HIV/VIGS, kanker en nog soveel ander siektes. Die vierde van die vier perderuiters in Openbaring beeld pes of siektes uit (Openbaring 6:8). Wat ons nou sien, is net 'n voorsmakie van wat nog voorlê. God sal die vloeke vertraag en ons tyd gee om te verander – indien ons nie daarin slaag om te verander nie, sal dit selfs met groter intensiteit plaasvind.

Vervolgens sê God vir ons “julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet” (Levítikus 26:16). Inderdaad, Amerikaanse en Kanadese familieplase word deur korporasies verslind – en toenemend het daardie korporasies hulle hoofkwartiere buite Noord-Amerika.

'n Ander voorbeeld van grondbelegging wat die afgelope paar jaar toenemend belangrik geword het, handel oor eienaarskap en beheer oor die grond en die voedsel wat dit produseer wat na die buiteland gestuur word ... Belegging in landbougrond is 'n sleutelstrategie vir regerings wat angstig is om hulle voedselvoorraad en hulle voedselpryse te stabiliseer. Deur grond in ander lande te koop en daarop te boer, is buitelandse kopers in staat om hulle binnelandse voedselvoorraad en ander markte te ondersteun wat van landbou afhanklik is, sonder om vir noodsaaklike produkte op die wêreldmark mee te ding. Buitelandse beleggers sal 'n paar honderdduisend hektaar koop, byvoorbeeld in Afrika, om palmolie, rubber of biobrandstof te produseer. Die transaksies gaan tipies gepaard met beloftes van werksgeleenthede, infrastruktuur, hulpbronontwikkelings of net 'n hupstoot vir die nasionale ekonomie, maar al te dikwels realiseer daardie beloftes glad nie. Die plaaslike bevolking put geen voordeel daaruit nie, hulle verloor hulle boerderyregte, toegang tot water en selfs hulle huise (“*Who Really Owns American Farmland?*” *TheCounter.org*, 31 Julie 2017).

Saoedi-Arabië, die VAE [Verenigde Arabiese Emirate] en China koop grond-, minerale- en waterregte regoor Noord-Amerika en Afrika. Die werklike persentasies vir Amerika is nog klein; buitelanders besit tans sowat 2 persent van die Amerikaanse plaasoppervlakte. In tye van skaarsheid kan selfs klein persentasies 'n verskil maak en dit is die rigting wat belangrik is. Die God van die Bybel waarsku dat die Amerikaners en nasies van Britse afkoms beheer oor hulle eie lande sal verloor indien hulle aanhou om Sy bevele te minag.

Verder: "Ek sal my aangesig teen julle rig, sodat julle voor jul vyande verslaan word; en julle haters sal oor julle heers, en julle sal vlug terwyl niemand julle agtervolg nie" (Levítikus 26:17). Die rampspoedige wyse waarop die VSA uit Afghanistan onttrek het, getuig van hierdie profesie. Dit kan anders vertolk word, maar Amerika se vyande sien dit net op een manier – hulle het oorleef en 'n ander supermoond-heid verslaan. Amerika het ge-leer wat die Britte en Russe voor-heen geleer het – Afghanistan is geen plek om 'n oorlog te veg nie.

Dit is voorspel dat die huis van Juda (die Joodse volk) asook die huis van Israel (Amerikaners en nasies van Britse afkoms) groot militêre mag sal hê "aan die einde van die dae" (Génesis 49:1, 9, 22-24; Deuteronómium 33:13-17). Vandag is hierdie nasies baie trots op hulle mag, maar God waarsku: "Ek sal julle trotse mag verbreek" (Levítikus 26:19). Afghanistan is net die begin. Kan ons nie die storm waarneem wat deur daardie swak beplande onttrekking gevolg het nie? Noord-Korea is besig om weer missiele te toets. China vlieg met straalvliegtuie oor Taiwan. Die probleme tussen Iran en Israel sal nie verdwyn nie. Aan die einde van Februarie 2021 het Rusland 'n gewelddadige militêre aanval teen die Oekraïne geloods – teen die tyd dat u hierdie artikel lees, sou die Oekraïne geval het of sou ander nasies se militêre magte in 'n uitgebreide konflik betrek gewees het? Sal die Oekraïense weerstand voortduur? Talle nuusbronne het in Januarie 2022 berig dat Rusland nie sal huiwer om troepe na Kuba en Venezuela te stuur nie. Wat sal gebeur as twee of meer oorloë op dieselfde tyd uitbreek? Sou enigiemand op daardie oomblik die Amerikaanse president wou wees?

God verklaar ook: "[Ek sal] julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper. En julle krag sal tevergeefs verbruik word, want julle land sal sy opbrings nie gee nie, en die bome van die land sal hulle vrugte nie gee nie" (Levítikus 26:19-20). Ons het almal gehoor van die uitgebreide droogtes van die laaste paar jaar in Australië, die westelike deel van die V.S. en Kanada, maar hoeveel mense is bewus van die skerp afname in Florida se lemoen-oeste oor die afgelope twee dekades? Die afname is te wyte aan "sitrusvergroening" – een van die mees verwoestende sitrusplantsiektes ter wêreld. Dit word deur 'n insek versprei, daar is geen kuur daarteen nie en maak gewoonlik die boom binne 'n paar jaar dood. Hoe ver-woestend was dit vir Florida se lemoen-oeste?

> "Florida maak gereed om die kleinste lemoen-oes in meer as 75 jaar sedert die 1944-1945-seisoen te produseer. Volgens 'n voorspelling wat deur die VS Departement van Landbou vrygestel is, sal Florida se $9 miljard-industrie slegs 44,5 miljoen 90-pond [41 kilogram] kratte lemoene produseer, wat 'n vermindering van 1,5 miljoen kratte lemoene sedert Desember is. Dit is in teenstelling met die tyd toe Florida 244 miljoen kratte lemoene geduren-de 'n enkele jaar gepro-duseer het ("*Florida's Annual Orange Crop Appears to Be Smallest Produced in Over 75 Years,*" *NewsWeek.com*, 19 Januarie 2022)".

*Vervolg op bladsy 18*

# Wat is die grootste realiteit?

## Deur Richard F. Ames

Baie wetenskaplikes en filosowe beweer dat hulle die belangrikste basis van werklikheid soek. Tog weier hulle om die bewyse te aanvaar wat so ooglopend is!

Hoe kan miljarde mense op die planeet Aarde saamleef en tog die werklikheid so verskillend beskou? Die tydskrif *Scientific American* het hierdie vraag in die September 2019-uitgawe gevra, maar die beste wat hulle kon doen, is om voor te stel dat "die waarheid nie heeltemal duidelik is nie" en dat mense "raaiskote oor die werklikheid moet waag wat met hulle sintuie waargeneem word".

Daar is 'n mate van waarheid aan verbonde. "... nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel" (1 Korinthiërs 13:12). Die apostel Paulus het verstaan dat ons as mense beperk is tot wat ons kan sien, hoor en weet.

Hoe kan ons dus sin maak van dit alles? Hoe kan ons so baie, dikwels teenstrydige sienings, van die werklikheid uitsorteer? Hoe kan ons die waarheid vind in 'n wêreld wat ons soveel mededingende "realiteite" bied? Wat is egter die grootste realiteit van alles? As Christene is dit een van die belangrikste vrae wat ons behoort te antwoord!

### Hou ons die ooglopende werklikheid voor oë?

Ons hoor dikwels dat sosiale kritici ons aanspoor om "die werklikheid voor oë te hou". Niemand wil daarvan beskuldig word dat hy in 'n fantasiewêreld van 'n ryk verbeelding leef nie. Wanneer inligting rondom ons egter teen 'n ongekende tempo toeneem, hoe kan ons tred hou met alles wat eg is? Kan iets werklik, maar tog onbelangrik, wees? Waar pas u en ek in die werklike samelewing? As Christene het ons antwoorde op daardie lewensbelangrike vrae nodig.

Indien u na 'n hedendaagse televisieskedule kyk, is dit maklik om te sien dat baie mense deesdae daarvan hou om te kyk na wat "realiteit-televisie" genoem word. Dikwels kan sulke programme egter meer akkuraat beskryf word as bloot "ongeskrewe" of "minimaal geskrewe" drama. In die regte wêreld wen niemand duisende rande omdat hulle insekte eet of om hulle huisgenote uit die huis te stem nie. Normale verhoudings word nie aangeknoop met kameras wat op 'n gretige ongetroude man of ongetroude dame gerig is en met die vooruitsig van baie geld vir wie ook al wen in wat basies 'n "lewendig uitgesaaide speletjie-program" is nie.

Natuurlik, ten spyte van 'n handjievol obsessiewe aanhangers, erken die meeste mense dat "realiteit-televisie" ver van die werklikheid verwyder is. Waarheen kan ons ons wend om die werklikheid te vind? Ons mag sekerlik dink dat ons dit op die gebied van die wetenskap kan vind. In die spesiale uitgawe van September 2019, "*Searching for Reality in Unreal Times*", het die *Scientific American*-tydskrif probeer om die werklikheid deur drie onderwerpe te verken: neurowetenskap, fisika en wiskunde. Wat is die tydskrif se doelwit? "Om te verken hoe dit is dat ons almal in dieselfde heelal kan leef en tog die werklikheid so verskillend kan waarneem" (bl. 27).

*Scientific American* het erken dat dit vir hulle 'n moeilike uitdaging was. "Selfs in fisika en wiskunde is die waarheid nie heeltemal duidelik afgebaken nie. Toenemende bewyse van neurowetenskap dui daarop dat ons waarnemings nie direkte voorstellings van die eksterne wêreld is nie. Ons verstand wat elkeen uniek is, waag eerder raaiskote oor die werklikheid op grond van die sensoriese seine wat dit ontvang".

### Absolute werklikheid?

Daar is beslis 'n paar absolute waarhede binne die wetenskap en wiskunde. Daarsonder sou twaalf ruimtevaarders nie op die maan kon loop nie en sou sterrekundiges nie hommeltuie

op die planeet Mars kon laat land om jare se merkwaardige verkennings uit te voer nie. Daarom laat fisika menslike wesens sonder vlerke toe om vliegtuie te ontwerp wat ons oor die wêreld heen vervoer teen spoed wat ons voorouers nie sou kon glo nie. Soos *Scientific American* se medewerker George Musser dit gestel het:

> Fisika blyk een van die enigste terreine van menslike lewe te wees waar die waarheid duidelik afgebaken is. Die wette van fisika beskryf die onbetwisbare werklikheid. Dit is gegrond op uiterste wiskundige strengheid en eksperimentele bewyse. Dit gee antwoorde, nie eindelose verwarring nie. Daar is nie een fisika vir u en een fisika vir my nie, maar een enkele fisika vir almal en oral. Fisika lyk dikwels vreemd, maar dit is 'n goeie teken – dit is nie onderhewig aan vooropgesette menings nie. In 'n wêreld wat angswekkend kan voorkom, waar dieselfde debatte in sirkels beredeneer word, gee fisika 'n inspuiting van suiwer nuutheid in die lewe en pluk ons uit die groef waarin ons verval (bl. 30).

Ons kan wel vra: Waar het daardie wette vandaan gekom? Het dit aan die begin van die heelal bestaan? Hoe skaars en spesiaal is lewe en ons planeet Aarde? Die sterrekundige Carl Sagan het ons Aarde 'n "eensame spikkel" in die kosmiese donkerte genoem. Moet ons dan tot die gevolgtrekking kom dat ons so onbeduidend is dat ons betekenisloos is?

Oorweeg die akkuraatheid wat nodig is vir die bestaan van die heelal én die bestaan van intelligente menslike lewe. Die astrofisici Stephen Hawking en Roger Penrose lewer kommentaar op die akkuraatheid wat nodig is by die oorsprong van die heelal:

> "Indien die tempo van uitdying een sekonde ná die oerknal, minder as een deel in $10^{10}$ was, sou die heelal ná 'n paar miljoen jaar ineengestort het. Indien dit groter was as een deel in $10^{10}$, sou die heelal na 'n paar miljoen jaar in wese leeg gewees het. In nie een van die gevalle sou dit lank genoeg kon duur sodat lewe kon ontwikkel nie. Daarom behoort 'n mens óf 'n beroep te doen op die antropiese beginsel óf 'n fisiese verklaring vind vir waarom die heelal is soos dit is". (*The Nature of Space and Time*, bll. 89-90).

Sommige wetenskaplikes is so desperaat om die werklikheid van 'n goddelike skepping te vermy dat hulle 'n teorie van 'n "veelal" bevorder het waarin daar 'n eindelose aantal heelalle is, sodanig dat ons heelal – hoé onwaarskynlik dit ook al mag wees, langs ontelbare mislukte heelalle moet bestaan wat nie lewe bevat nie en ander heelalle wat elke moontlike variasie van menslike keuse en aktiwiteit bevat. Nadat die filosoof Nick Bostrom in 2003 'n referaat gepubliseer het wat daarop dui dat die wêreld om ons eintlik 'n rekenaar-nabootsing is, het baie mense daaroor gespot. In die daaropvolgende jare het die "simulasie-nabootsing" egter 'n gerieflike manier vir agnostici en ateïste geword om die werklikheid van God te ontken. Wanneer hulle met die baie werklike bewyse van intelligente ontwerp in die wêreld rondom ons gekonfronteer word, is diegene wat God verwerp, bereid om 'n bomenslike entiteit te bedink wat 'n rekenaarnabootser skep waarvan ons deel is. Maar, wie het dan die skepper van die nabootser geskep? Die "nabootsingargument", is in wese, 'n lui manier om die erkenning van die werklikheid van God as die Skepper, as van geen belang te ag.

**Die realiteit van ons heelal**

Wanneer ons in die lug opkyk en die uitgestrekte ruimte bokant en om ons waarneem, raak die idee dat ons in 'n rekenaar-nabootsing leef, absurd. Die nabootsing-idee herinner ons hoe kreatief die menslike

verstand kan wees, maar ook hoe maklik dit kan wees om daardie kreatiwiteit op 'n dwaalspoor te bring. Sommige van u wat in groot stede woon, met ligte wat die naghemel verberg, het dalk 'n sterrewag besoek of die NASA-webwerf opgesoek. Dalk het u u verwonder aan die "Wawielsterrestelsel" wat sowat 500 miljoen ligjare ver is of die Cygnus-lus-supernova-oorblyfsel of die Krap-newel, die Keëlnewel, die Swaannewel, die Paddavissie-sterrestelsel en talle ander.

Daardie newels en sterrestelsels kan slegs bestaan in 'n heelal waarin voorspelbare en absolute wette werk. Indien daar wette is, moet daar 'n Wetgewer wees. "Een is die Wetgewer, Hy wat mag het om te red en te verderf" (Jakobus 4:12).

Terwyl ons dan bewyse van die Wetgewer baie duisende ligjare ver waarneem, kan ons ook daardie bewyse in ons eie menslike liggame sien. In sy boek *A Short History of Nearly Everything*, maak die evolusionis Bill Bryson, opmerkings oor die wonderbaarlike proses van proteïenproduksie in die menslike liggaam. "Proteïene kan nie sonder DNA bestaan nie en DNA het geen doel sonder proteïene nie. Behoort ons dan aan te neem dat dit gelyktydig ontstaan het met die doel om mekaar te ondersteun? Indien wel: Mooi so" (bl. 289). Alhoewel Bryson sy geloof in evolusie behou, erken hy die onwaarskynlikheid daarvan. "Vir toevallige gebeurtenisse om selfs 'n enkele proteïen te produseer, sal dit na 'n verstommende onwaarskynlikheid lyk – soos 'n warrelwind wat deur 'n skrootwerf dwarrel en 'n volledig saamgestelde jumbo-straler agterlaat, in die kleurvolle vergelyking van die sterrekundige Fred Hoyle".

Hoe ryk aan inligting is DNA? Robert F. Service, 'n skrywer vir die *Science*-tydskrif verduidelik DNA se wonderlike kapasiteit:

> Die mensdom het 'n probleem met databerging: Meer data is in die afgelope 2 jaar geskep as in die hele voorafgaande geskiedenis. Daardie stortvloed van inligting kan dalk binnekort die vermoë van hardeskywe oortref om dit vas te lê. Nou berig navorsers dat hulle met 'n nuwe manier vorendag gekom het om digitale data in DNA-kode te kodeer om die hoogste digtheid van grootskaalse databergingskema te skep wat nog ooit uitgevind is. Dit is in staat om 215 petagrepe (215 miljoen gigagrepe) in 'n enkele gram DNA te stoor, die stelsel kan in beginsel elke stukkie data wat ooit deur mense aangeteken is, in 'n houer stoor wat omtrent die grootte en gewig van 'n paar groot vragmotors is ("*DNA could store all the world's data in one room*," Maart 2017).

Net so het Stephen C. Meyer van die *Discovery Institute* die bewyse van intelligente ontwerp in die skepping breedvoerig bestudeer. In die kragtige dokumentêre rolprent *Unlocking the Mystery of Life,* verduidelik hy dat "alles wat ons weet vir ons sê dat inligtingryke stelsels ontstaan deur intelligente ontwerp. Wat lei ons egter af van die feit dat daar inligting in lewe is – in elke lewende sel van elke lewende organisme? Dit is die fundamentele geheimenis. Waar kom daardie inligting vandaan?"

Vra uself dus af: Wat vereis 'n groter "geloofsprong"? Glo u in toevalligheid? Glo u dat ons in 'n "nabootsing" leef wat ontwerp is deur een of ander onbekende superintelligensie of glo u dat ons in 'n wonderlike werklikheid leef wat ontwerp is deur 'n liefdevolle God?

**Die ware geestelike ryk**

Ongelukkig, net soos die skoonheid en majesteit wat ons oral rondom ons sien, sien ons bedrog – sosiaal, polities en selfs in godsdiens. "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp" (Openbaring

***Vervolg op bladsy 20***

*Vervolg vanaf bladsy 14 – 'n Katastrofiese storm is aan die kom!*

**’n Wag se waarskuwing**

Met al die slegte nuus, is daar enige goeie nuus? U wonder dalk waarom bring die *Wêreld van Môre* soveel verdoemende en somberheid onder u aandag? Die antwoord word in die Bybel gevind. God beveel ons om aan ons samelewing die waarheid te verkondig van waarheen ons gedrag lei. God het vir die profeet Eségiël gesê om 'n wag vir die huis van Israel te wees, om die Israeliete te waarsku van 'n naderende ballingskap as gevolg van hulle sondes. Begryp u die probleem? Die noordelike tien stamme van die huis van Israel het al meer as honderd jaar voor dit in ballingskap gegaan, nog *voordat* Eségiël geskryf het! Dit beteken dat die opdrag om die wag se waarskuwing in die verre toekoms, aan die einde van hierdie tydperk te vervul, aan iemand anders gegee is. Let op die ernstige verantwoordelikheid wat gegee word: “As daarenteen die wag die swaard sien kom en met die basuin nie blaas nie, sodat die mense nie gewaarsku is nie, en die swaard kom en neem 'n siel uit hulle weg – dan is hy deur sy ongeregtigheid weggeneem, maar sy bloed sal Ek van die hand van die wag eis” (Eségiël 33:6).

God het die profeet Jesaja opdrag gegee: “ROEP uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes” (Jesaja 58:1). Diegene wat nie weet waar om die huis van Israel vandag te vind nie, is nie vrygestel nie; God sê dat *enigeen* wat die rigting sien wat die mensdom inslaan, 'n waarskuwing moet gee. “Red die wat na die dood gesleep word, en die wat na die slagbank wankel, hou *hulle* tog terug! As jy sê: Kyk, ons het dit nie geweet nie! – sal Hy wat die harte toets, dit nie merk nie? En Hy wat let op jou siel, Hy kom dit te wete. En Hy vergeld die mens na sy werk” (Spreuke 24:11-12).

God beskryf hoe die wêreld naby die voleinding daarvan sal wees. Valse godsdienstige leiers sal vir mense vertel wat hulle *wil* hoor eerder as wat hulle *nodig het* om te hoor – 'n boodskap van bekering. “Gaan nou in, skryf dit op 'n tafel in hulle teenwoordig-heid en teken dit op in 'n boek, dat dit kan bly vir later dae, vir altyd, tot in ewigheid. Want dit is 'n wederstrewige volk, leuenagtige kinders, kinders wat die wet van die HERE nie wil hoor nie; wat aan die sieners sê: Sien nie! en aan die profete: Profeteer vir ons nie wat reg is nie; spreek vleitaal vir ons, profeteer be-drieëry; wyk af van die weg, buig af van die pad, laat die Heilige van Israel voor ons aangesig verdwyn!” (Jesaja 30:8-11).

**Die hoop op 'n beter wêreld**

Die *Wêreld van Môre* sal voortgaan om die waarheid aan die huis van Israel en aan die mensdom in die algemeen te verkondig. Ons sal dit doen in die hoop dat baie mense sal verander vir hulle eie beswil. Dit is wat ware liefde is! “Die wonde deur een wat liefhet, is opreg bedoel, maar die soene deur 'n vyand is oorvloedig” (Spreuke 27:6). Ons sal ook die goeie nuus verkondig dat Jesus Christus binnekort sal terugkeer om die mensdom van hulle waansin te red. Jesus beskryf die desperate nood waarin ons onsself sal laat beland – die gewisse vernietiging van alle lewe op ons planeet – maar Hy gee ons ook die versekering dat Hy sal ingryp om dit te beëindig (Matthéüs 24:21-22).

Ons sal ook die goeie nuus (die Evangelie) verkondig wat Jesus gekom het om aan te kondig – die toekomstige Koninkryk van God op aarde (Markus 1:14-15; Lukas 4:43). Die Bybel vertel van 'n duisendjarige heerskappy van Christus, wanneer daar vrede, regverdigheid en voorspoed vir almal sal wees. Ons leer ook dat die ware volgelinge van Jesus gedurende hierdie leeftyd, saam met Hom sal regeer om te help om dit te bewerkstellig (Lukas 19:11-24; Openbaring 5:9-10; 20:4). Stel u voor dat u 'n belangrike rol het om te vertolk in die oplossing van die probleme wat hier op aarde bestaan! Dit is die goeie nuus wat Jesus kom verkondig het tydens Sy eerste koms! WvM

# Wat is ’n ware Christen?

***Daar is meer as 400 sektes en godsdienstige organisasies wat hulle self “Christelik” noem! Tog het hulle almal basiese verskille.***

***Sal Jesus die organisasies herken wat Sy naam vandag gebruik? Hoe kan u vir seker weet wat ’n ware Christen is?***

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!


***Vervolg vanaf bladsy 7 – Verlore in ’n veelal***

wat denkbeeldige wêrelde en fantasievolle weergawes van ons eie wêreld uitbeeld. Ons behoort egter nie sulke verhale met enige skyn van die werklikheid te verwar nie, selfs al word die skeiding tussen wetenskaplikes en storievertellers steeds toenemend vaag.

Ja, die waarheid is eenvoudig en merkwaardig en dit word deur die hele skepping uitgesaai: God bestaan. Sy Hand van oorvloed is duidelik vir diegene wat bereid is om dit waar te neem. Die feit dat ons heelal – wat die heelal wat ons kan sien en aanraak, die enigste een wat ons weet *werklik* is – voorkom asof dit spesiaal geskep is vir ons om in te leef en van te leer, is geen verrassing vir diegene wat weet hulle Skepper leef nie. Trouens, Hy maak Homself en Sy rol in ons bestaan duidelik in die bladsye van die Skrif: “Want so sê die HERE, wat die hemele geskape het – Hy is God! wat die aarde geformeer en dit gemaak het – Hy het dit bevestig; Hy het dit nie geskape om woes te wees nie, *maar* dit geformeer om bewoon te word – Ek is die HERE, en daar is geen ander nie” (Jesaja 45:18). WvM


# U uiteindelike Lotsbestemming

***Hoekom is spesifiek ú gebore? Hoekom laat God toe dat selfs toegewyde Christene vir jare en dekades beproef en vervolg word? Hoekom is dit so belangrik dat ons die sonde moet oorwin? Wat is die mens se ongelooflike DOEL op hierdie aarde?***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

*Vervolg vanaf bladsy 17 – Wat is die grootste realiteit?*

12:9). In 'n wêreld wat so vol leuens en leuenaars is, is dit noodsaaklik dat ons standvastig by die waarheid hou. Indien daar 'n Wetgewer is wat die Wette in werking gestel het wat ons heelal beheer, sou ons nie dan verwag dat Hy Wette in werking gestel het wat menslike lewe beheer nie? Behoort ons dan nie ook te verwag dat wanneer ons daardie Wette verstaan, ons die beste van die lewe sal kan maak nie? Jesus Christus het duidelik vir Sy dissipels gesê: "En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak" (Johannes 8:32).

Ons kan nie verwag om op ons eie die volle Waarheid oor God en Sy skepping te leer ken nie. Christus verduidelik dat die grootste deel van die wêreld mislei is, behalwe vir 'n paar mense wat deur God die Vader geroep is om die Waarheid te verstaan (Johannes 6:44). Daardie paar mense is nie noodwendig die groot wetenskaplikes en filosowe nie; inderdaad, Jesus het gebid: "Ék loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het" (Matthéüs 11:25).

Op die stadium dat die apostel Paulus aan die jong evangelis Timóteüs geskryf het, was daar nog nie "Nuwe Testamentiese" voorskrifte nie. Tog het hy vir die jong Evangelis gesê:

> "Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" 2 Timótheüs 3:14-17).

Ja, die Woord van God is Waarheid en die Bybel is die geskrewe Woord van God. Hoe is dit van toepassing op elke mens? Jesus maak hierdie duidelike stelling: "Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God" (Lukas 4:4).

Die Skepper het alle mag in die heelal. Mense het beelde van hulleself vergroot, maar God vergelyk dit met "sprinkane". God het ook alle sterrestelsels en hemelliggame geskep en ken elke ster. "Weet julle nie? Hoor julle nie? Is dit julle nie van die begin af bekend gemaak nie? Het julle nie op die fondamente van die aarde gelet nie? Hy sit bo die kring van die aarde, en die bewoners daarvan is soos sprinkane; Hy span die hemele uit soos 'n dun doek en sprei dit uit soos 'n tent om in te woon" (Jesaja 40:21-22).

**Die werklikheid betreffende gebed**

Fisici en sterrekundiges het kragtige instrumente waarmee hulle hul navorsing doen. God het egter aan elkeen van ons 'n baie kragtige instrument gegee – die instrument van gebed. U Bybel is gevul met bemoedigende beloftes wat betref gebed. Jesus gee een so 'n belofte:

> "Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word. Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid! Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen;

> want dit is die wet en die profete" (Matthéüs 7:7-12).

Anders as die "onopgeleide filosowe" wie se idees nie getoets en nagegaan kan word nie, is gebed 'n realiteit wat u aan uself kan bewys. Terwyl u God se beloftes in gebed opeis, sal Hy aan u lig en bemoediging gee om die werklikheid met meer duidelikheid as voorheen waar te neem. Hy gee ook aan ons hierdie wonderlike belofte:

> "Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here! IMMERS, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons ge-roep het deur *sy* heerlikheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is" (2 Petrus 1:2-4).

Op watter ander maniere het God beloof om ons gebede te beantwoord? Hier is net 'n paar:

- Voorsiening in al ons behoeftes (Filippense 4:19)
- Gemoedsrus (Filippense 4:6-7)
- Sy geïnspireerde leiding (Spreuke 3:5-6)
- Krag om beproewings te verduur (1 Korinthiërs 10:13)
- Die begeertes van ons hart, *as* ons 'n welbehae in Hom het (Psalm 37:4-5)
- Vergifnis van sonde (1 Johannes 1:9)
- Die gawe van die Heilige Gees (Handelinge 2:38; Lukas 11:13)
- Sy liefde (Romeine 5:5)

Die profeet Jesaja vermaan ons: "Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is" (Jesaja 55:6). Die profeet Amos waarsku teen 'n tyd wanneer God se Waarheid nie beskikbaar sal wees nie: "Kyk, daar kom dae, spreek die Here HERE, dat Ek 'n honger in die land stuur, nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die HERE te hoor. En hulle sal swerwe van see tot see en rondslinger van noord na oos, om na die woord van die HERE te soek, maar hulle sal dit nie vind nie" (Amos 8:11-12).

Wanneer u begin verstaan wat u in hierdie tydskrif lees en u voel dat God u roep om een van Sy getroue eerstelinge in hierdie tyd te word, kontak asseblief die streekkantoor naaste aan u (op bladsy 2). Een van die wonderlikste realiteite is dat dieselfde God wat die uitgestrekte heelal geskep het en wat besig is om Sy geprofeteerde plan hier op planeet Aarde uit te werk, ook daardie planeet en die heelal in geheel voorberei het as 'n erfenis vir Sy mense. Ja, God sê vir ons dat getroue Christene "alles [sal] beërwe" met inbegrip van die heelal (Openbaring 21:7; Romeine 8:32). Die heelal bestaan as die omgewing vir nederige mense om die grootste werklikheid te erken. U kan deel wees daarvan! God is nie net almagtig nie – Sy liefde is volmaak. Trouens, nog een van die grootste realiteite: "God is liefde." Dit is nie net 'n slagspreuk nie; dit word duidelik in die Skrif gestel (1 Johannes 4:8, 16).

**Erken u die "werklikheid"?**

Wetenskaplikes en filosowe kan noukeurige planne uitdink om die werklikheid van God en Sy krag te ontken. Wat sê God oor hulle pogings?

> "WANT die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk, omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle ge-openbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie"

(Romeine 1:18-20).

Hoe belangrik is dit dus dat ons nie net verstáán dat die heelal bestaan nie, maar wáárom dit bestaan? Die astrofisikus Hawking het dit duidelik gestel: "Wanneer ons die antwoord daarop vind, sal dit die uiteindelike triomf van menslike redenasievermoë wees. Dan sal ons die denke van God verstaan" (*The Theory of Everything*, bl. 136). Hoe wonderlik is dit dat Christene die denke van God kan leer verstaan en Sy krag in hulle eie lewens kan ervaar. Daardie krag is die kern van die grootste werklikheid van alles.

Wat is daardie werklikheid? In drie woorde, *God regeer oppermagtig*. Ons vind hierdie bemoedigende waarheid regdeur die Bybel. "God regeer oor die nasies; God sit op sy heilige troon" (Psalm 47:9). Selfs in moeilike tye, kan ons die vertroue hê dat God in beheer is – dat Hy selfs die mees uitdagendste omstandighede kan gebruik om Sy gewenste doel te bereik. Ons onthou uit die boek Daniël dat "die aller-hoogste God mag het oor die koningskap van die mens en daaroor kan aanstel wie Hy wil" (Daniël 5:21). Indien God 'n tiran of 'n knoeier in plek gestel het as die heerser van die nasie waar u woon, kan u uself troos in die realiteit dat as 'n Christen, u ware burgerskap in die hemel is, in afwagting van die toe-komstige Koninkryk van God (Filippense 3:20).

Die laaste boek van u Bybel, die boek Openbaring, herhaal hierdie allerbelangrikste werklikheid: "En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar" (Openbaring 19:6).

Ten slotte, moet asseblief nooit vergeet dat God se Woord ons daaraan herinner dat hierdie ontsagwekkende almagtige God, persoonlik belangstel in die werklikheid van u toekoms nie: "Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde" (1 Johannes 1:7). Die almagtige God die Vader, het Sy Seun Jesus Christus gestuur om Sy bloed te stort sodat u in die grootste werklikheid van alles kan deel. Sal u reageer op Sy liefdevolle aanbod? WvM

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

***Vervolg vanaf bladsy 10 – Die Volksmoord [Holocaust]: Nooit weer nie?***

die mensdom homself heeltemal vernietig (Matthéüs 24:21-22). Genadiglik *sal* Christus terugkeer om hierdie rebellie teen God te oorwin en dit te vernietig (Openbaring 17:14).

Voordat Christus terugkeer, sal Satan sy uiterste bes doen om God se wil in die wiele te ry en God se mense te vernietig (Openbaring 12:12). God het egter Sy eie oplossing beplan vir hierdie bose geestelike wese wat duisende jare spandeer om die mensdom tot boosheid aan te hits. Satan en sy demone sal gebind en weggesluit word om alle moontlikheid van inmenging te voorkom wanneer God se Regering oor hierdie aarde regeer (Openbaring 20:1-3).

Tagtig jaar nadat Satan-geïnspireerde anti-Semiete hulle plan tot uitvoer gebring het om die wêreld van die Joodse volk te bevry, beleef ons dat die magte van die bose steeds nog in verskeie kringe aan die werk is en probeer om die menslike samelewing te verwar, verlei en te beheer. In 'n wêreld van misleiding en wanbestuur sien ons uit na die dag wanneer God weer Sy teenwoordigheid aan die wêreld sal aankondig soos Hy aan Moses gedoen het: "En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou" (Exodus 34:6). WvM

# Vrae & Antwoorde

## Is die kruis werklik 'n Christelike simbool?

**Vraag:** Dit wil voorkom asof elke Christen wat ek ken 'n halssnoer met 'n kruis daaraan dra of 'n kruisvormige bufferplakker op hulle motor het – ek is dus verbaas dat u geen kruisbeelde in u tydskrif gebruik nie. Waarom nie?

**Antwoord:** Alhoewel dit waar is dat die kruis al lank as die kenmerkende ikoon van tradisionele Christendom beskou word, was die simbool lank voor die Christendom in gebruik en met 'n heel ander betekenis. Nêrens in die Bybel vind ons dat die kruis of kruisbeeld wat beskou word as 'n voorwerp, of simbool, wat gedra, vertoon, aanbid of enigsins geassosieer word met diegene wat beweer dat hulle Christus volg nie. Geskiedenis en argeologie is ook grootliks stil oor hierdie punt, met baie verhale oor die kruis en die gebruik daarvan wat slegs in apokriewe geskrifte of geskiedkundige bronne verskyn wat etlike eeue na Jesus se dood geskryf is.

Trouens, alhoewel die meeste mense aanvaar dat Jesus Christus aan 'n kruis met die T-vorm vasgespyker was, wat ons vandag so algemeen sien, bevat die Bybel geen beskrywing van die werklike houtpaal waaraan Hy vasgespyker was nie. Die woord wat in die Bybel gebruik word, is *stauros* (vergelyk Matthéüs 27:32; Markus 15:21; Lukas 23:26; Johannes 19:17), wat bloot 'n regop paal, 'n stok of selfs 'n boom beteken het. Die Romeine het 'n verskeidenheid metodes gebruik om diegene tereg te stel wat deur hulle veroordeel is.

### Geskiedkundige voorstellings

Die geskiedenis dui daarop dat die simbool van die kruis voor die Christendom bestaan het en verskillende voorbeelde daarvan kom in heidense kuns en in godsdienstige gebruike voor wat terugdateer na antieke tye. Die Britse Museum besit byvoorbeeld 'n Assiriese standbeeld van koning Shamshi-Adad V wat 'n byna perfekte Maltese kruis dra. Griekse gode soos Diana en Bacchus is met kruise uitgebeeld en Diana het baie in gemeen met latere middeleeuse uitbeeldings van die maagd Maria.

Regoor die aardbol, van Latyns-Amerika tot Egipte en Asië, is kruise in die vorm van die antieke Egiptiese *ankh*, regop kruise en selfs swastika-tipe simbole gevind en een letter van die Semitiese alfabet verskyn selfs as 'n kruis wat terugdateer na ongeveer 1500 v.C. Tog word nie een van hierdie kruise geassosieer met die aanbidding wat deur die vroegste getroue Christene beoefen is nie.

Die eerste *amptelike* "Christelike" gebruik van die kruis kan so laat as 312 n.C. gedateer word, onder die heerskappy van Konstantyn, die heidense keiser van Rome. Konstantyn het beweer dat hy 'n visioen gehad het van 'n soort kruis – waarskynlik die *Chi Rho*, wat die eerste twee letters van die Griekse woord Christos (ΧΡΙΣΤΟΣ) op mekaar geplaas het. Hy het beweer dat hy deur die visioen beveel is om daardie simbool op sy leërs se vlae te plaas wanneer hulle uitgegaan het om *hulle vyande te oorwin*. In wat blykbaar 'n polities gemotiveerde stap was om beheer te neem oor die toenemend gewilde afvallige "Christendom" destyds in Rome, het Konstantyn hierdie simbool gebruik om homself met goddelikheid te assosieer en om sy weergawe van die Christendom die staatsgodsdiens van die Romeinse Ryk te maak. ("*Cross, Crucify*," *Vine's Expository Dictionary of New Testament Words*).

***Vervolg op bladsy 26***

# Die vierde perderuiter: Siekte epidemies

## Deur Douglas S. Winnail

COVID-19 is net een van baie betekenisvolle geprofeteerde eindtydse epidemies wat op ons planeet verwoesting sal saai.Bybelse profesieë wat waarsku oor gevare aan die einde van hierdie huidige tydperk, gebruik die beelde van vier perderuiters om verskriklike gebeure te beskryf wat oral op die aarde sal afspeel net voor die Wederkoms van Jesus Christus. Die vierde perderuiter (Openbaring 6:7-8) beeld die uitbreek van *pessiektes en probleme* uit (Matthéüs 24:7; Markus 13:8; Lukas 21:11), met inbegrip van virusse en bakterieë. Dit sal 'n kwart van die aarde verwoes en dit sal gepaard gaan met geweld, honger en "die wilde diere van die aarde" (Openbaring 6:8).

Volgens die wêreld se huidige bevolkingsvlak beteken dit dat hierdie rampe byna *twee miljard mense* sal uitwis. Selfs nadat hulle sedert 2020 die COVID-19-pandemie beleef het, vind baie mense dit dalk ongelooflik om hulleself 'n ramp van só 'n geprofeteerde omvang voor te stel, veral met inagneming van vooruitgang in moderne mediese tegnologie. Tog verskyn tekens van toestande wat sulke verwoestende globale katastrofes moontlik sal maak al meer gereeld – wat aandui dat hierdie antieke Bybelse profesieë op die punt staan om verwesenlik te word soos nog nooit tevore nie.

**Wydverspreide oordraagbare siektes**

Terwyl ons wêreld die ontnugterende werklikheid van meer as 6 miljoen COVID-19-sterfgevalle in 'n bestek van ongeveer twee jaar moes hanteer, kan dit maklik wees om te vergeet dat ander siektes steeds voortgaan om groot skade te berokken. Die VIGS-epidemie het sedert die middel-1980's die dood van meer as 35 miljoen individue veroorsaak en die Wêreldgesondheidsorganisasie berig selfs vandag nog dat meer as 37 miljoen mense met MIV/VIGS saamleef, met ongeveer 1,5 miljoen mense wat die siekte in 2020 alleen opgedoen het.

Intussen veroorsaak ander siektes, hoewel seldsaam in die Verenigde State en ontwikkelde lande, groot lyding regoor die hele wêreld. Alhoewel dokters in die V.S. skaars meer as 2,000 malaria-infeksies in 'n gewone jaar diagnoseer, was daar in 2020 meer as 240 miljoen gevalle wêreldwyd, wat tot meer as 600,000 sterfgevalle gelei het – meestal kinders in Afrika, suid van die Sahara. *Statista.com* berig dat in 2019 meer as 1,2 miljoen mense regoor die wêreld aan tuberkulose gesterf het – 'n getal wat volgens die WGO tot meer as 1,5 miljoen in 2021 toegeneem het as gevolg van beperkte beskikbaarheid van behandelings en die gevolg van die COVID-19-kwarantyn en inperkings. Selfs meer betekenisvol as die onbevestigde getal sterftes, is die feit dat sterftes as gevolg van tuberkulose vir die eerste keer in baie jare besig is om jaarliks *toe te neem*.

**Die beperkings van medikasie**

Gedurende die afgelope eeu het die ontwikkeling van antibiotika – die "wondermiddel" van moderne medisyne – 'n valse gevoel van sekuriteit bevorder waarin baie mense aanvaar dat ons nie meer deur aansteeklike siektes bedreig word nie. Die voorkoms van mikrobes wat weerstandig teen sterk middels is, toon egter dat daar *perke* is aan wat antibiotika kan doen.

Deesdae kan siektedraers as gevolg van internasionale vlugte binne 'n paar uur met duisende mense by lughawens en op vliegtuie in aanraking kom, wat die blootstellingskoers aansienlik verhoog. Die opkoms van groot stede, waar miljoene mense in noue kontak met mekaar woon, bevorder ook die verspreiding van siektes. In die ontwikkelende wêreld – waar miljoene mense

in krotbuurte saamdrom met min toegang tot skoon water, mediese dienste of die higiëniese verwydering van menslike afval en vullis – floreer hierdie aansteeklike siektes. Sosiale ontwrigtings wat veroorsaak word deur oorlog en politieke onrus wat Afrika, die Midde-Ooste en ander dele van die wêreld teister, skep vrugbare toestande vir die verspreiding van aansteeklike siektes. Al hierdie faktore is teenwoordig en neem toe in ons wêreld van vandag.

Die bedreiging van biochemiese terrorisme – die doelbewuste vrystelling van giftige mikrobes of chemiese middels in groot stedelike sentrums – bied die skrikwekkende voorstelling van groot getalle mense wat binne 'n baie kort tydperk doodgemaak kan word. Gedurende die afgelope dekade het ons samelewing duidelik *meer* kwesbaar geraak vir die uitbreek van wêreldwye epidemies wat die potensiaal het om miljoene lewens te eis – wat presies is wat die vierde perderuiter uitbeeld.

**Epidemies van ons verlede**

'n Vlugtige blik op die geskiedenis openbaar die vernietigende effek van bakterieë wat deur siektes oorgedra word. Die bekroonde Kanadese joernalis Andrew Nikiforuk, herinner ons daaraan dat sodra dit "begin om in toenemende getalle voort te plant, dit hele ekosisteme, voedselkettings en watersisteme kan verander en selfs die lot van menslike koninkryke" (*Pandemonium*, bl. xii).

Epidemies in die verlede het onverwags te voorskyn gekom en dood en verwoesting oor wye dele van die wêreld veroorsaak. In die Middeleeue het melaatsheid, tuberkulose, cholera en tifus floreer in die vuil en oorbevolkte lewensomstandighede van Middeleeuse stede. In 1348 het 'n epidemie van pes, die "Swart Dood", 'n volle derde van die bevolking van Europa – sowat 30 miljoen mense – in net *twee jaar* laat sterf. Die pessiekte het met die Middeleeuse handelsroetes langs versprei. Columbus se matrose het sifilis van die Amerikas af saamgebring en die siekte het vinnig deur Europa versprei, wat deur promiskuïteit vererger is. Europeërs het pokke na die Amerikas gebring, waar dit 100 miljoen inheemse Amerikaners in een eeu doodgemaak het omdat hulle nie natuurlike teenliggaampies teen die siekte gehad het nie.

'n Eeu voor COVID-19 het die 1918 griep-epidemie, 50 miljoen mense se lewens in net 18 maande geëis. Daarenteen het die slagvelde van die Eerste Wêreldoorlog, vier jaar geneem om 15 miljoen lewens te eis. Wanneer siekte toeslaan, kan dit 'n bevolking verwoes teen 'n tempo en omvang wat die mensdom se vermoë oorskry om homself deur konvensionele oorlogvoering te vernietig. Die oplewing van aansteeklike siektes dui duidelik aan dat die vierde perderuiter nie minder van 'n bedreiging vir menslike gesondheid is as voor moderne mediese vooruitgang nie en dat hierdie vierde perderuiter weer sy rit sal voortsit wanneer toestande daarvoor ryp is.

**Lesse uit die geskiedenis**

Omstreeks 450 v.C. het die Griekse geneesheer Hippokrates, opgemerk dat "siektes nie uitgebreek het nie tensy daar groot veranderings in menslike gesondheid of groot veranderings aan die gesondheid van die land gemaak is" – met ander woorde, "mense maak epidemies". Die Duitse patoloog Rudolf Virchow, wat as die vader van patologie beskou word, het meer as 'n eeu gelede tot die gevolgtrekking gekom dat "epidemies ooreenkom met *ernstige waarskuwings* waaruit 'n staatsman ... kan lees dat 'n versteuring in die ontwikkeling van sy mense plaasgevind het" (Andrew Nikiforuk, *The Fourth Horseman*, bll. 21-22).

Vandag verander menslike lewens en die omgewing op ongekende wyses. Kyk maar net na die resultate van die bevolkingsontploffing: Besoedelde lug en water in rommelgeteisterde en groterwordende stede, krotbuurte waar miljoene mense in ellende woon, woude wat deur ekonomiese ontwikkeling vernietig word en ontsettende temperature wat weerpatrone en ekonomieë regoor die wêreld beïnvloed. Voeg hierby die voorkoms van medikasie-weerstandige kieme, siektes wat deur vliegtuigreise versprei word en immuunstelsels wat deur spanning, losbandige seks, binne-aarse

dwelmmisbruik en wanvoeding verswak is – die resep vir 'n ernstige voorskrif vir wêreldwye epidemies. Baie van vandag se siektes is die biologiese gevolge van losbandigheid, swak higiëne en 'n magdom hoë-risiko gedrag van mense wat basiese beginsels van gesondheid ignoreer en nie bereid is om verantwoordelikheid te aanvaar vir die skade wat hulle optrede veroorsaak nie, selfs teenoor ander mense.

Lank gelede het ons Skepper ons gewaarsku dat "as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge ... Die HERE sal maak dat die pes jou aankleef ... waarvan jy nie kan gesond word nie" (Deuteronómium 28:15-28). Die Bybel openbaar dat as gevolg van die mensdom se gewilligheid om basiese fisiese en morele Wette te ignoreer, ons die gevolge van die oortreding van daardie Wette sal maai en dat "allerhande siektes en allerhande plae ... dié sal die HERE teen jou laat opkom totdat jy verdelg is" (Deuteronómium 28:61). Jesus Christus waarsku ook dat wêreldwye rampe voor Sy Wederkoms, die bestaan van die mensdom sal bedreig (Matthéüs 24:21-22). Wanneer die vierde perderuiter sy laaste rit begin, sal die mens skuldig staan. Hierdie ontnugterende profesieë is besig om gestalte aan te neem en nader die einde tot vervulling in die jare wat voorlê. WvM


## Die ware God: bewyse en beloftes

*Waarom* is die God van die heelal nie vandag vir mense *werklik* nie?

**Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.**


***Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde***

Selfs die *Chi Rho*-kruis het egter bande gehad met antieke heidense bronne en word gevind op munte wat deur die Egiptiese heerser Ptolemy III Euergetes in die derde eeu v.C. uitgereik is. Daar is geen geskiedkundige of argeologiese bewyse dat die simbool voor die vierde eeu deur belydende Christene gebruik was nie.

In Exodus 20:3-5 beveel God Sy volk spesifiek om nie voor 'n gesnede beeld neer te buig nie – 'n waarskuwing wat geïgnoreer word deur diegene wat in hulle godsdienstige vierings voor 'n kruisbeeld 'n kniebuiging maak. Hierdie opdrag word weer beklemtoon in die Nuwe Testament, waar die apostel Johannes die Christene vermaan: "... bewaar julleself van die afgode" (1 Johannes 5:21).

Wat behoort Christene dus te doen? Ons behoort te erken dat geen beskrywing in die Bybel van die spesifieke tipe *stauros* of kruis gevind word wat in Christus se kruisiging gebruik is nie en besef dat Christus wil hê dat ons fokus op die betekenis van Sy offer, op wat Hy op die oomblik doen en wáárom Hy dit doen. Die feit dat die tradisionele kruis uit die heidense godsdiens afkomstig is, behoort ons te laat huiwer.

Die kruis is nie die enigste onchristelike aspek van populêre "Christendom" nie. Om meer te wete te kom oor hoe die hoofstroom godsdiens baie leerstellings van Christus en Sy Vader verdraai en selfs laat vaar het, kan u gerus vra vir 'n gratis eksemplaar van ons boekie, *Satan se Vervalste Christendom,* of lees dit aanlyn by *wvm.co.za*. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

mense om "volgens die loop van hierdie wêreld" te volg. Ons verstaan dat die God van die Skepping oor alles beheer het, maar lank gelede het Hy die engel Lucifer oor die sake van hierdie planeet geplaas. Lucifer het trots en arrogant geraak; hy was nie tevrede met wat aan hom gegee is nie en in sy poging om sy troon bo God te verhef, het hy Satan die duiwel geword (Jesaja 14:12-13). Wanneer Jesus sê: "... en het aan My niks nie", bedoel Hy dat die gesindhede van die duiwel géén tuiste in Hom kon vind nie.

Kan ons dieselfde sê? Hoeveel van ons denke word geïnspireer deur die god van hierdie wêreld? Neem ons maklik aanstoot? Het ons 'n slagoffermentaliteit en dink ons dat ons probleme ander mense se skuld is? Is ons gevul met woede? Dink ons dat niemand vir ons kan sê wat om te doen nie? Namate ons die toppunt van die mensdom se poging tot selfregering sonder God nader, sal al hoe meer moeilike omstandighede ons in die gesig staar. Ons sal woede van ander trotseer. Wanneer ons alles sien wat rondom ons gebeur, kan ons dalk ook gevul word met woede en 'n begeerte om wraak te neem.

Twee van Jesus se dissipels wat na Jerusalem gereis het, het aanstoot geneem toe daar geweier is dat hulle in 'n Samaritaanse stad oorbly. 'n Mens kan sê dat hulle verblyf gekanselleer is. Kanselleerkultuur is inderdaad niks nuuts nie, maar dit word vandag na nuwe hoogtes geneem. Met verwysing na koning Ahásia se poging om die profeet Elía te laat arresteer, het Jesus se twee dissipels gevra: "Here, wil U hê ons moet sê dat vuur van die hemel afdaal en hulle verteer, soos Elía ook gedoen het"? Dit sou die uiterste in kanselleerkultuur gewees het! Geen wonder dat Jesus vir Jakobus en Johannes "seuns van die donder" genoem het nie. "Maar Hy draai Hom om en bestraf hulle en sê: Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie" (Lukas 9:54-55).

**Die resultate van woede**

Ray Dalio, die mede-beleggingshoof van die grootste verskansingsfonds ter wêreld, het die wisselvalligheid van wêreld-ekonomieë bestudeer en hy sien waarheen hierdie woede lei. Hy identifiseer ses stadiums waardeur samelewings gaan en sy merkers dui aan dat ons in stadium vyf is. U kan waarskynlik raai wat die laaste stadium is deur middel van die titel van 'n onlangse artikel in sy *Principled Perspectives*-nuusbrief, wat gepubliseer is by *LinkedIn.com*: *"The Rising Risk of Civil War: Following in the Footsteps of History"* (3 Februarie 2022).

Deur aan te haal vanaf bladsy 176 van sy boek *Principles for Dealing with the Changing World Order: Why Nations Succeed and Fail*, beskryf hy ons plek in die siklus van opkoms en ondergang: "In stadium 5 werk diegene wat twis tipies saam met diegene in die media om mense se emosies te manipuleer om steun te verkry en sodoende die opposisie te vernietig. Daar word deeglik besef dat dit nou besig is om te gebeur ... Selfs baie bekwame en magtige mense is nou te bang om met die media oor belangrike sake te praat of om hulleself beskikbaar te stel vir 'n openbare amp".

Dalio stem saam met die baie geskied-skrywers wat neigings waarneem wat herhaal word in die opkoms en ondergang van nasies. Die filosoof George Santayana se bekende aanhaling uit sy 1905-boek *The Life of Reason,* is waar: *"Diegene wat nie die verlede kan onthou nie, is gedoem om dit te herhaal"*. Die beste geskied-skrywers erken dit, maar slegs 'n paar van hulle het enige begrip van die teenwoordigheid van die gees wat probeer om menslike gedrag te beïnvloed. Die menslike natuur, wat deur daardie bose, ongelukkige gees beïnvloed word, lei nasies op paaie van vernietiging.

Die belangrikste geskiedenisboek wat ooit geskryf is, is die Bybel – die grondslag van Waarheid. Hierdie wonderlike, God-geïnspireerde Boek teken geskiedenis vooraf op. Meer as 2,600 jaar gelede het die profeet Jesaja beskryf wat ons vandag sien: "So word dan die reg teruggedring en die geregtigheid bly staan van ver; want die waarheid struikel op die mark, en wat reg is, kan nie binnekom nie. Ja, die waarheid word vermis; en wie afwyk van die kwaad, word geplunder" (Jesaja 59:14-15).

Jesaja se woorde behoort ons te laat wakker skrik terwyl ons Dalio se beskrywing lees van die

# Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

oorgang van waar ons is, na waarheen ons oppad is: "Wanneer wen die enigste faktor is wat saak maak, word onetiese gevegte toenemend meer kragdadig op aggressiewe wyses. Wanneer almal sake het waarvoor hulle veg en niemand kan oor enigiets saamstem nie, is die stelsel op die randjie van burgeroorlog/rewolusie" (*LinkedIn.com*).

Nie alle burgeroorloë word met wapens gevoer nie – maar dit bly steeds onbeskaafd. In die September-Oktober 2021-uitgawe van die *Wêreld van Môre* verskyn die artikel "*Staan Amerika voor 'n tweede burgeroorlog*?" Ons is nie die enigstes wat daardie vraag vra nie. Ons is egter van die min mense wat die uiteindelike antwoord ken – dat Jesus Christus na die tyd van verwoestende ekonomiese rampe, asook sosiale- en natuurrampe wat binnekort gaan plaasvind, sal terugkeer as Koning van die konings om 'n wêreld sónder oorlog tot stand te bring.



# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**